

HOOFSTUK 9

DIE KENMOTIEF EN DIE SEKERHEID VAN DIE KOMS VAN DIE HERE (3:3-18)

Dit blyk uit hoofstuk 3 punt 6.2 dat die gedagte-eenheid waarin Petrus handel oor die sekerheid van die Here se koms in die volgende vier kleiner gedagte-eenhede verdeel kan word:

- * *Gedagte-eenheid 1* (3:3-4): Die bekendmaking van die koms van die spotters en hulle standpunte
- * *Gedagte-eenheid 2* (3:5-8) : 'n Weerlegging van die spotters se standpunte
- * *Gedagte-eenheid 3* (3:9-13): Leiding aan die lesers aangaande die verloop van tyd voor die belofte oor die koms van die Here uitgevoer word
- * *Gedagte-eenheid 4* (3:14-16): 'n Gevolgtrekking aangaande die optrede en denke van die lesers in die lig van toekomstige gebeure

In hoofstuk 3 punt 8 is aangetoon dat daar 'n duidelike samehang is tussen die slot van die brief en die gedagte-eenheid waarin Petrus handel oor die sekerheid van die koms van die Here. Derhalwe word die briefslot nie in 'n afsonderlike hoofstuk bestudeer nie, maar saam met 3:3-16 in hierdie hoofstuk as *gedagte-eenheid 5* behandel.

Op grond van hoofstuk 3 punt 7.6 is dit duidelik dat die kenmotief moontlik in al vyf gedagte-eenhede funksioneer. Die kenmotief, soos dit in hierdie gedagte-eenhede voorkom, word in hierdie hoofstuk bestudeer.

1. Die kenmotief in gedagte-eenheid 1

Ten einde te bepaal watter plek die kenmotief in gedagte-eenheid 1 inneem, word eerstens vasgestel watter woord/e in gedagte-eenheid 1 die kenmotief dra.

Nadat bepaal is watter woorde die kenmotief dra, word die kenmotief in gedagte-eenheid 1, soos dit deur hierdie woord/e gedra word, bestudeer.

1.1 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief in gedagte-eenheid 1 na vore tree

Dit is uit hoofstuk 3 punt 7.6.1 duidelik dat γινώσκοντες (3:3) en ἐλεύσονται (3:3) moontlik die kenmotief dra. Dit word nou in meer besonderhede nagegaan of die woorde werklik die kenmotief dra.

1.1.1 Γινώσκοντες

Dit blyk uit hoofstuk 7 punt 3.2.7 dat γινώσκω in vier semantiese velde gebruik kan word wat aan die kenmotief gekoppel is, te wete *Leer* (27), *Ken* (28), *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en *Verstaan* (32).

Petrus gee in 3:3 vir die lesers 'n aantal feite aangaande die spotters wat na vore sou kom. Dit blyk dat Petrus met die woord γινώσκοντες handel oor inligting aangaande die spotters waaroor die lesers moet beskik. Uit die konteks is dit dus duidelik dat Petrus die woord in 3:3 in die semantiese veld *Ken* (28) gebruik.

Dit blyk dus dat Petrus dié woord aanwend om die kenmotief na vore te bring.

1.1.2 Ἐλεύσονται

Uit Louw en Nida (1988ii:105) is dit duidelik dat ἔρχομαι soms in die semantiese veld *Verstaan* (32) aangewend word, maar slegs as deel van 'n idiomatiese uitdrukking. In 3:3 gebruik Petrus ἐλεύσονται egter nie as deel van 'n idiomatiese uitdrukking nie. Dit blyk dus dat die woord ἐλεύσονται in 3:3 nie met die kenmotief in verband gebring kan word nie.

1.1.3 Slotsom

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat γινώσκοντες (3:3) die enigste woord in gedagte-eenheid 1 is wat die kenmotief dra.

1.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 soos dit deur γινώσκοντες na vore gebring word

Ten einde die kenmotief in gedagte-eenheid 1, soos dit in γινώσκοντες na vore kom, te bepaal, word die betekenis waarvoor die woord gebruik word, eerstens gedefinieer. Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, word bepaal volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is.

Tweedens word aandag gegee aan die verhouding tussen γινώσκοντες en die res van gedagte-eenheid 1.

1.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord γινώσκοντες in 3:1 gebruik word

1.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor γινώσκοντες in 3:3 gebruik word

Daar is in punt 1.1.1 aangetoon dat Petrus γινώσκοντες in die semantiese veld *Ken* (28) aanwend. In semantiese veld 28 word die woord slegs in een subdomein gebruik, naamlik die subdomein *Ken* (A) en daarbinne vir een betekenis, naamlik *om inligting aangaande iets te besit* ((28.1); vergelyk Louw en Nida, 1988i:334).

In hoofstuk 7 punt 3.3.3 is die betekenis waarvoor γινώσκοντες in 3:3 gebruik word, reeds gedefinieer. Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan dus nou gegee word.

1.2.1.2 Die betekenis waarvoor die woord γινώσκοντες in 3:3 gebruik word

Dit blyk uit hoofstuk 7 punt 3.3.3 dat γινώσκοντες in 3:2 gebruik word om in die algemeen die besit van inligting aan te dui.

Die betekenis van γινώσκοντες kan in Afrikaans met die woord *weet* weergegee word.

1.2.2 Die verband van γινώσκοντες met gedagte-eenheid 1

1.2.2.1 Γινώσκοντες en τοῦτο

Die dinge wat die lesers volgens 3:3 moet weet (vergelyk punt 2.1.2 vir die betekenis waarvoor die woord γινώσκοντες in 3:3 gebruik word), word met τοῦτο aangedui. Dit blyk dat Petrus met τοῦτο verwys na dit wat hy in die voorwerpsin ὅτι ἐλεῦσονται stel. Die lesers moet dus kennis dra van die gegewe dat die spotters sal kom.

Bauckham (1983:229, 288) is oortuig dat die frase τοῦτο πρῶτον γινώσκοντες in 3:3 'n "formalized" frase (gewoonte-uitdrukking) is. Petrus het egter reeds in die vorige vers (3:2) gestel dat hy die lesers se ernstige aandag wil opwek (vergelyk hoofstuk 6 punt 4.2.5.1). Wanneer Petrus met die deelwoord γινώσκοντες die lesers aanmoedig om kennis te dra, blyk dit dat hy nie slegs die frase τοῦτο πρῶτον γινώσκοντες gebruik om dit wat volg, te beklemtoon nie, maar hy sluit aan by wat hy in 3:2 as doel gestel het: hy begin reeds om die lesers tot 'n ernstige denkwysie op te roep.

Deur die gebruik van die woord πρῶτον saam met γινώσκοντες, toon die skrywer aan dat wat hy nou gaan sê die een belangrike ding is wat hy "zijn lezers op het hart wil drukken"

(Bolkestein, 1977:289). Dit blyk dus dat Petrus πρῶτον gebruik in die semantiese veld *Waarde* (65) vir die betekenis *alle ander dinge in belangrikheid oortref* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:626).

Petrus maak dit dus vir die lesers duidelik dat dit 'n prioriteit is om kennis te dra van dit wat hy aangaande die spotters aan hulle gaan bekend maak.

1.2.2.2 Γινώσκοντες en die koms van die spotters

Die eerste aspek in sake spotters waarvan die lesers kennis moet dra, is dat die spotters sal kom (ἐλεύσονται).

Hoewel die spotters, soos blyk uit die gebruik van die teenwoordige tyd in 3:5, reeds teenwoordig was toe Petrus die brief tot die lesers gerig het, dui die gebruik van die *futurum* ἐλεύσονται in 3:2 daarop dat Petrus in 3:3-4 handel oor die koms van die spotters soos dit in die toekoms sal ontwikkel (vir 'n meer volledige beredenering van hierdie saak kyk in hoofstuk 2 punt 2.10).

Dit is opmerklik dat Petrus die uitdrukking ἐπ' ἐσχάτων τῶν ἡμερῶν gebruik om aan te dui wanneer die spotters sal kom. Hierdie uitdrukking word dikwels in die Ou Testament gebruik om te verwys na die laaste fase van die geskiedenis voor die koms van die dag van die Here (vergelyk die Septuaginta Gn. 49:1; Jer. 37:24; Eseg. 38:16 ; Dn. 2:28; Hos. 3:5; Mig. 4:1). Petrus sluit deur die gebruik van hierdie uitdrukking aan by dit wat hy in 3:2 van die woorde van die profete gesê het. Volgens 3:2 wil Petrus die lesers deur herinnering opwek sodat hulle die woorde van die profete sal onthou. In 3:3 maak Petrus duidelik *wat* die woorde van die profete is wat die lesers sal onthou: hulle sal die dinge onthou wat die profete oor die koms van die spotters gesê het. Waarskynlik bedoel Petrus dat hulle die woorde van die profete moet onthou wat opgeteken is in gedeeltes soos Jesaja 5:18-22; 28:14-22; Jeremia 5:11-14; Sefanja 1:12-18 en Maleagi 3:13-15, 4:1.

Die lesers moet dus nie verras wees deur die koms van die spotters nie. Die spotters se koms is in ooreenstemming met dit wat die profete gesê het sal gebeur.

In die lig daarvan dat die spotters volgens 3:4 enige inmenging van God in die verloop van die wêreldgeskiedenis en ook sy oordeel betwyfel het (vergelyk punt 1.2.2.3 verder in die studie), is dit duidelik waarom dit vir die skrywer van groot belang is dat die lesers kennis sal dra dat die spotters in die laaste dae sal kom - soos die profete gesê het (3:2a). Hierdie spotters se spot moenie die lesers laat twyfel aan God se betrokkenheid by die verloop van die geskiedenis en sy komende oordeel nie, maar moet juis vir hulle 'n bevestiging wees dat dit wat die profete gespreek het, die waarheid is. Die feit dat die spotters hulle verskyning sal

maak, is 'n bevestiging daarvan dat die profete geglo kan word (vergelyk ook Vögtle, 1970:129-30). Die teenwoordigheid van die spotters, word juis 'n bewys van dit wat hulle volgens 3:4 met hulle spottery ontken (Mayor, 1965:147).

Dit is dus volgens 3:3 vir Petrus van groot belang dat die lesers sal weet dat daar in die laaste dae spotters sal verskyn. Die koms van die spotters sal immers 'n vervulling wees van dit wat die profete gesê het, en geld daarom as 'n bevestiging dat die profete se woorde die waarheid is - ook hulle woorde aangaande God se betrokkenheid by die geskiedenis en sy oordeel.

1.2.2.3 Γινώσκοντες en die leefwyse van die spotters

Dit is volgens 3:3 nie net van groot belang dat die lesers sal weet *dat* die spotters na vore sal tree nie. Petrus wil ook dat hulle sal weet *wat* die leefwyse van die spotters sal wees. Petrus sê die spotters sal volgens hulle eie begeertes wandel (κατὰ τὰς ἰδίας ἐπιθυμίας αὐτῶν πορευόμενοι).

Dit blyk dat die frase κατὰ τὰς ἰδίας ἐπιθυμίας αὐτῶν πορευόμενοι verband hou met dit wat Petrus in 3:2 van die apostels gestel het. Petrus het reeds in 3:2 gestel dat hy die suiwer denke van die lesers wil opwek sodat hulle die "gebod" van die apostels sal onthou. Soos aangedui is (vergelyk hoofstuk 6 punt 4.2.5.4), benadruk Petrus met die woord "gebod" (ἐντολῆς) dat die apostels se verkondiging gesagvol is en gehoorsaamheid daaraan vereis. As sodanig hou die "gebod" (ἐντολῆς) verband met etiese optrede. In 3:3 het Petrus spesifiek die lewe volgens God se wil in die oog wat hy in 1:5-7 ter sprake bring. In plaas daarvan om hulle aan die gesagvolle verkondiging van die apostels te onderwerp en heilig te lewe, volg die spotters egter hulle *eie* (ἰδίας) begeertes.

Uit bostaande is dit duidelik waarom Petrus sê dat dit van groot belang is dat die lesers sal weet wat die leefwyse van die spotters sal wees. Die lesers sal besef dat die spotters se leefwyse nie te versoen is met die leefwyse wat die apostels gesagvol aan hulle voorgehou het nie. Wanneer hulle kennis dra van die leefwyse van die spotters, sal hulle ook weet dat hierdie mense die apostels en Jesus Christus verwerp. Hulle is immers nie aan die gebod van die apostels en Jesus Christus gehoorsaam nie (vergelyk 3:2b en hoofstuk 6 punt 4.2.5.4).

1.2.2.4 Γινώσκοντες en die spot van spotters

Dikwels aanvaar skrywers (vergelyk byvoorbeeld Baljon, 1901:223; Duvekot, 1984:372; Beasley-Murray, 1965:79-80; Keulers, 1956:156-157) dat die spot van die spotters, soos dit in die vraag en stelling in 3:4 verwoord word, voortgespruit het uit 'n teleurstelling omdat die wederkoms van Jesus Christus nie plaasvind nie. Volgens hierdie interpretasie verwys die "vaders" in 3:4 na die eerste geslag christene wat reeds gesterf het. Die nuwe geslag

Christene moes hiervolgens spot verduur omdat Christus nie, volgens sy belofte, teruggekom het nie en alles gebly het soos dit van die begin van die skepping af was.

Neyrey (1968ii:420-422) toon egter oortuigend aan dat die vraag en stelling in 3:4 aandui dat die spotters se spot enige inmenging van God in die verloop van die wêreldgeskiedenis betwyfel het en hulle 'n goddelike oordeel in hierdie lewe en die lewe hierna ontken. Hy wys daarop dat daar dikwels in die Septuaginta spotvrae voorkom wat ingelei word deur $\pi\omicron\upsilon$ soos in 3:4 en wat op 'n ontkenning van die goddelike optrede in hierdie wêreld toegespits is (vergelyk Dt. 32:37; Rig. 6:13; 2 Kon. 18:34; 19:13; Job 35:10; Ps. 42:3, 10; 79:10; 115:2; Jes. 36:19; 37:13; Jer. 2:6; Hos. 13:10, 14; Joël 2:17; Mig. 7:10; Mal. 2:17).

Neyrey (1968ii:420-422) toon verder aan dat die skrywer se reaksie in 3:5-7 op die geformuleerde spot daarop dui dat die spotters se spot op goddelike oordeel gefokus was. Neyrey motiveer hierdie standpunt soos volg:

"First he defends the prophetic word of God apropos of cosmic judgement: the word of God proved once before in creation ($\tau\hat{\omega}$ $\tau\omicron\upsilon$ $\theta\epsilon\omicron\upsilon$ $\lambda\acute{o}\gamma\omega$, 3:5) and will be active again ($\tau\hat{\omega}$ $\alpha\upsilon\tau\hat{\omega}$ $\lambda\acute{o}\gamma\omega$, 3:7a). Secondly, God has judged the world once before by water (3:6, see Noah's generation in 2:5) even as He will judge it by fire in the future (3:7, see Lot's generation in 2:6)."

Die feit dat Petrus telkens beklemtoon dat die dood nie die finale einde is nie (vergelyk 1:11; 2:4, 9, 17 en 3:11) bevestig die standpunt dat die spotters beweer het dat daar geen oordeel na die dood sal wees nie (vergelyk Neyrey, 1980ii:422). Daar kan afgelei word dat die spotters hulle losbandige leefwyse gegrond het op hulle oortuiging dat God hulle nie sal oordeel nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat Petrus die spotters se woorde in die taal van die Ou-Testamentiese spotters weergee. Petrus tipeer daarmee die spotters as "descendant counterparts of those enemies of Gods people" (Rabali, 1992:137). Die spotters staan in die tradisie van die Ou-Testamentiese spotters.

Petrus wil dus dat die lesers sal kennis dra van die inhoud van die spotters se spot - hierdie mense sal met God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en met sy oordeel spot. Wanneer die lesers hierdie spot hoor, moet hulle begryp dat hierdie mense die opvolgers van die Ou Testamentiese spotters is.

2. Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (3:5-7)

By die bepaling van die plek van die kenmotief in gedagte-eenheid 2 word dieselfde werkswyse gevolg as wat tot hiertoe die geval was. Eerstens word bepaal watter woorde wat

in hoofstuk 3 punt 7.6.2 uitgewys is, wel die kenmotief dra. Daarna word die kenmotief in gedagte-eenheid 2 aan die hand van hierdie woord/e bestudeer.

2.1 Woorde in gedagte-eenheid 2 waarin die kenmotief na vore tree

Die volgende woorde in gedagte-eenheid 2 dra volgens hoofstuk 3 punt 7.6.2 moontlik die kenmotief:

- * λανθάνει (3:5).
- * θέλοντας (3:5).
- * Συνεστῶσα (3:5).
- * Λόγῳ (3:5).
- * Κρίσεως (3:7).
- * λανθανέτω (3:8).

Daar word nou ondersoek ingestel of hierdie woorde werklik die kenmotief na vore bring.

2.1.1 λανθάνει

Die woord λανθάνω kan, so blyk dit uit Louw en Nida (1988ii:151), in twee semantiese velde aangewend word, naamlik die semantiese veld *Ken* (28) en die semantiese veld *Geheue en oproep* (29).

In 3:5-7 gee die skrywer aan die lesers sekere inligting aangaande die aarde en die hemele. Die feit dat die spotters met die profesieë van die Ou Testament gespot het (vergelyk punt 1.2.2.2), laat blyk dat hulle bewus was van dit wat in die Ou Testament gestaan het. Wanneer Petrus dus in 3:5 die woord λανθάνει gebruik, sê hy nie dat die spotters sekere inligting aangaande die aarde en die hemele nie het nie, maar dat hulle sekere inligting nie uit hulle geheue oproep nie. Dit blyk dus dat Petrus nie dié woord in semantiese veld 27 gebruik nie, aangesien die veld oor die verkryging van inligting handel. Hy gebruik dié woord in die semantiese veld *Geheue en oproep* (29) wat die klem laat val op die oproep van inligting uit die geheue.

Dit blyk dus dat λανθάνει in 3:5 die kenmotief dra, aangesien Petrus dit aanwend in semantiese veld 29, wat aan die kenmotief gekoppel is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

2.1.2 θέλοντας

Louw en Nida (1988ii:118) toon aan dat θέλω in die volgende vier semantiese velde gebruik kan word:

- * Houdings en emosies (25).

- * Dink (30).
- * 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31).
- * Kommunikasie (33).

Semantiese velde 30 en 31 is aan die kenmotief gekoppel (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en indien Petrus θέλοντας in die twee velde gebruik, dra die woord die kenmotief.

Dit is sintakties moontlik dat τοῦτο in 3:5 as nominatief gebruik word en die subjek is van λανθάνει, of dat dit as akkusatief gebruik word en die objek van θέλοντας is. Die feit dat τοῦτο direk voor θέλοντας en ver verwyderd van λανθάνει in die sin geplaas is, gee 'n aanduiding daarvan dat laasgenoemde interpretasie 'n beter keuse is (Kelly, 1969:357; Paulsen, 1992:159-160; Watson, 1988:129). Die skrywer maak dit dus duidelik dat die spotters, om hulle standpunt te handhaaf (τοῦτο θέλοντας), sekere dinge vergeet (λανθάνει). Daaruit blyk dit dat Petrus die woord θέλοντας in die semantiese veld 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31) aanwend en dat die woord die kenmotief dra.

2.1.3 Συνεστῶσα

Louw en Nida (1988ii:237) toon aan dat συνίστημι in die volgende semantiese velde aangewend word:

- * Ken (28).
- * Kommunikasie (33).
- * Geheel, Verenig, Gedeelte, Verdeel (63).

Dit is duidelik dat Petrus in 3:5 oor die ontstaan (samevoeging, vereniging) van die aarde handel. Hy gebruik dus die woord συνεστῶσα in semantiese veld 63, met verwysing na die vereniging/samevoeging van die dele. Semantiese veld 63 is egter nie aan die kenmotief gekoppel nie (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en die woord συνεστῶσα dra dus nie die kenmotief nie.

2.1.4 Λόγω

Uit Louw en Nida (1988ii:153) blyk dit dat λόγος in agt semantiese velde aangewend word. Drie van hierdie velde is aan die kenmotief gekoppel, te wete velde *Ken* (28), *Dink* (30) en 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* ((31); vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Dit blyk dat Petrus in 3:5 verwys na die skepping volgens Genesis 1 waar God deur te spreek alles tot stand laat kom het. Daaruit kan afgelei word dat Petrus die woord λόγω in die semantiese veld *Kommunikasie* (33) aanwend (vergelyk Louw & Nida, 1988i:400, betekenis

33.99). Hierdie semantiese veld hou nie met die kenmotief verband nie (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Λόγω in 3:5 dra dus nie die kenmotief nie.

2.1.5 Κρίσεως

Soos in hoofstuk 8 punt 1.1.5 aangetoon is, word die woord κρίσις in een semantiese veld wat aan die kenmotief gekoppel is, aangewend, naamlik die semantiese veld *Dink* (30).

Petrus gebruik κρίσεως en ἀπωλείς in 3:7 as genitiewe kwalifikasie by ἡμέραν. In 3:10 word ἡμέρα nader gedefinieer as die ἡμέρα κυρίου, as die dag van die verwoesting van die skepping. Daar kan dus verwag word dat Petrus in 3:7 met κρίσεως en ἀπωλείας na hierdie verwoesting verwys. Κρίσεως in 3:7 moet dus in verband gebring word met die semantiese veld *Straf, Beloning* (38). Hierdie semantiese veld hou nie met die kenmotief verband nie, en daarom ook nie die woord κρίσεως nie (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

2.1.6 Λανθανέτω

Petrus het λανθάνει in 3:5 gebruik om aan te dui dat die spotters sekere inligting nie uit hulle geheue oproep nie en hy het daarmee ook vir die lesers beklemtoon dat hulle nie dieselfde foute moet maak nie (vergelyk punt 2.2.4.2). Daaruit blyk dit dat Petrus, wanneer hy in 3:8 hom met die opdrag λανθανέτω tot die lesers rig, die woord vir dieselfde betekenis gebruik as in 3:5.

Soos in 3:5, dra λανθανέτω dus ook in 3:8 die kenmotief.

2.1.7 Slotsom

Dit is volgens die beredenering in punt 2.1.1 tot 2.1.5 duidelik dat drie woorde in gedagte-eenheid 2 die kenmotief dra, te wete λανθάνει (3:5), θέλοντας (3:5) en λανθανέτω (3:8).

2.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 soos dit gedra word deur die woorde λανθάνει, θέλοντας en λανθανέτω

Ten einde vas te stel in watter mate die woorde λανθάνει, θέλοντας en λανθανέτω die kenmotief dra, word die betekenis van die woorde eerstens gedefinieer. Hierdie definiëring geskied volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is. Tweedens word die verband van λανθάνει, θέλοντας en λανθανέτω met gedagte-eenheid 2 bestudeer.

2.2.1 Die definiëring van die betekenis waarvoor die woord *λανθάνει* in 3:5 gebruik word

2.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor *λανθάνει* in 3:5 gebruik word

In punt 2.1.1 is aangetoon dat *λανθάνει* in die semantiese veld *Geheue en oproep* (29) aangewend word. Dit is uit Louw en Nida (1988i:348) duidelik dat *λανθάνει* in hierdie veld in die subdomein *Nie onthou, Vergeet* (C) aangewend word vir die betekenis *om nie inligting uit die geheue op te roep nie en die betekenis daarvan derhalwe uit die oog te verloor* (29.13).

In hoofstuk 5 punt 2.4.4.5 is hierdie betekenis reeds bestudeer en gedefinieer en die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan daarom nou gedefinieer word.

2.2.1.2 Die betekenis waarvoor die woord *λανθάνει* in 3:5 gebruik word

Uit hoofstuk 5 punt 2.4.4 blyk dit dat *λανθάνει* verband hou met die onvermoë om inligting uit die geheue op te roep. Dié woord laat die klem val op die gevolge wanneer die inligting nie opgeroep word nie, naamlik dat die betekenis daarvan uit die oog verloor word.

Die betekenis waarvoor *λανθανέτω* gebruik word, kan in Afrikaans weergegee word met *uit die oog verloor* of *vergeet*.

2.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord *θέλοντας* in 3:5 gebruik word

2.2.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor *θέλοντας* in 3:5 gebruik word

Op grond van punt 2.1.2 is dit duidelik dat *θέλοντας* deur Petrus in die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) aangewend word. Louw en Nida (1988i:366) laat blyk dat *θέλοντας* in semantiese veld 31 in die subdomein *'n Opinie hê, 'n Perspektief hê* (A) gebruik word en wel vir die betekenis *om 'n spesifieke perspektief of opinie aangaande iets te hê* (31.4).

2.2.2.2 Die semantiese veld waarbinne *θέλοντας* in 3:5 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Semantiese veld *'n Opinie hê, 'n Perspektief hê* (A) is in hoofstuk 4 punt 3.2.1.2 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Hierdie plasing in die geheelkonteks

maak dit duidelik dat die woord θέλοντας met inligting te doen het wat reeds verwerk is en waaroor reeds tot 'n besluit gekom is.

2.2.2.3 Die subdomein waarbinne θέλοντας in 3:5 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In hoofstuk 8 punt 2.2.3.3 is subdomein *'n Opinie hê, 'n Perspektief handhaaf* (A) reeds in die konteks van omliggende subdomeine geplaas. Hierdie plasing in die geheelkonteks toon dat θέλοντας verband hou met 'n perspektief wat gehandhaaf word of 'n standpunt wat gehuldig word.

2.2.2.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne θέλοντας in 3:5 gebruik word

Soos in hoofstuk 8 aangetoon is, kom daar sewe betekenis in die subdomein *'n Opinie hê, 'n Perspektief handhaaf* (A) voor (31.1-31.7). Betekenis 31.4, waarvoor θέλοντας in 3:5 gebruik word, kom baie ooreen met betekenis 31.1 deurdat albei betekenis handel oor die handhawing van 'n perspektief of die huldiging van 'n standpunt. Betekenis 31.4 beklemtoon egter, anders as betekenis 31.1 dat 'n spesifieke perspektief gehandhaaf word en 'n standpunt gehuldig word. Betekenis 31.3 dui nie, soos betekenis 31.2, daarop dat die opinie op iets gegrond is nie. Dié betekenis lê nie, soos betekenis 31.6, klem op die betekenis-komponent *die vermoë om iets te doen* nie en dui ook nie op enige tydsduur waarin die opinie gehuldig word - soos wel die geval is in betekenis 31.7 nie.

2.2.2.5 Die betekenis waarvoor die woord θέλοντας in 3:5 gebruik word

Dit blyk uit die voorafgaande dat θέλοντας met inligting te doen het wat reeds verwerk is en waaroor reeds tot 'n besluit gekom is. Die betekenis waarvoor θέλοντας in 3:5 gebruik word, fokus daarop dat 'n spesifieke perspektief gehandhaaf word of opinie gehuldig word.

Die betekenis waarvoor die woord θέλοντας in 3:5 gebruik word, kan weergegee word met *'n opinie hê of 'n standpunt huldig*. As sodanig sluit dit aan by 3:3-4 waar Petrus duidelik maak dat die spotters 'n spesifieke standpunt gehuldig het oor God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en oor sy oordeel.

2.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord λαμβάνετω in 3:8 gebruik word

Op grond van punt 2.1.6 blyk dit dat Petrus λαμβάνετω in 3:8 vir dieselfde betekenis aanwend as waarvoor hy λαμβάνει in 3:5 aangewend het. Die betekenis waarvoor

λανθανέτω gebruik word, hou dus, so blyk dit uit punt 2.2.1.2, verband met die onvermoë om inligting uit die geheue op te roep. In die betekenis waarvoor die woord gebruik word, word die gevolge daarvan beklemtoon as inligting nie opgeroep word nie: die betekenis van die inligting word oor die hoof gesien.

2.2.4 Die verband van λανθάνει en θέλοντας met gedagte-eenheid 2

2.2.4.1 θέλοντας en τοῦτο

Daar is in punt 2.1.2 aanvaar dat τοῦτο in 3:5 die objek is van θέλοντας. In die voorafgaande gedeelte (3:3-4) het Petrus gehandel oor die spotters se standpunte aangaande God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en die oordeel (vergelyk punt 1.2.2.3). Dit is daarom duidelik dat Petrus met τοῦτο in 3:5 verwys na die opinie van die spotters oor God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en God se oordeel.

Met τοῦτο θέλοντας maak Petrus duidelik dat die spotters 'n spesifieke standpunt (vergelyk punt 2.2.2.5 vir die betekenis waarvoor die woord θέλοντας gebruik word) aangaande God se betrokkenheid by die geskiedenis en aangaande sy oordeel gehad het.

2.2.4.2 λανθάνει en θέλοντας

Petrus maak dit duidelik dat spotters, om hulle standpunte aangaande God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en aangaande sy oordeel te handhaaf (τοῦτο θέλοντας), sekere inligting nie uit hulle geheue oproep nie en die betekenis daarvan gevolglik uit die oog verloor (vergelyk punt 2.2.1.2 vir die betekenis waarvoor die woord λανθάνει in 2:5 gebruik word).

Petrus handel weliswaar in 3:5 oor die spotters wat sekere inligting nie uit die geheue oproep nie, maar dit is uit die konteks duidelik dat hy met sy beredenering eintlik die lesers in die oog het. Hy het immers in 3:2 duidelik gemaak dat hy by hulle 'n ernstige wyse van verstaan wil opwek (vergelyk hoofstuk 6 punt 4.2.5.1). Deur vir die lesers aan te dui dat die spotters sekere inligting vergeet sodat hulle hulle spesifieke standpunt kan handhaaf, wil hy voorkom dat die lesers dieselfde fout maak. Hy wil veroorsaak dat die lesers wel die inligting wat die spotters vergeet, uit hulle geheue oproep en die betekenis daarvan besef sodat hulle nie die standpunte van die spotters sal huldig nie.

Petrus maak dit dus duidelik dat die spotters, om hulle standpunte oor God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en oor God se oordeel te handhaaf, sekere inligting nie uit hulle geheue oproep nie en daarom die betekenis van die inligting oor die hoof sien. Deur aan die

lesers uit te wys waarom hierdie spotters hulle standpunte kan handhaaf, lei hy die lesers om nie dieselfde fout te maak en die spotters se standpunte aan te neem nie.

2.2.4.3 $\Lambda\nu\theta\acute{\alpha}\nu\epsilon\iota$ en die skepping en sondvloed

Wanneer Petrus in 3:5 duidelik maak watter inligting die spotters nie uit hulle geheue oproep nie, bring hy die gebeure van die skepping, soos dit in Genesis 1 verhaal word, ter sprake. Hy gebruik die woord $\sigmaυνεστ\acute{\omega}\sigma\alpha$ om die skepping te impliseer. $\sigmaυνεστ\acute{\omega}\sigma\alpha$ word in 3:5 gebruik in die semantiese veld *Geheel, Verenig, Gedeelte, Verdeel* ((63); vergelyk punt 2.1.3) vir die betekenis *om iets bymekaar te bring of te hou in die gepaste plek* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:614). Dit blyk dat Petrus $\sigmaυνεστ\acute{\omega}\sigma\alpha$ as ekstensiewe perfektum gebruik en daardeur beklemtoon dat die aarde tot stand gebring is en dat die gebeurtenis nog sy effek behou (vergelyk Van Rensburg, 1985:32).

Petrus vermeld ook dat die aarde deur die Woord van God ($\tau\acute{\omega}\ \tau\omicron\upsilon\delta\ \theta\epsilon\omicron\upsilon\delta\ \lambda\acute{o}\gamma\omega$) totstand gebring is. Die afhanklikheid van die geskape aarde word daarmee op die voorgrond gestel. Die aarde bestaan nie as onafhanklike entiteit nie; dit is deur God se Woord totstand gebring en word deur God se Woord gedra.

Die skrywer gee in 3:5 verdere besonderhede oor die skepping van die aarde. Hy noem dat die aarde uit water en tussen water ontstaan het ($\epsilon\acute{\xi}\ \upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma\ \kappa\alpha\iota\ \delta\iota'\ \upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma\ \sigmaυνεστ\acute{\omega}\sigma\alpha$).

Grundmann (1974:113) stel dat Petrus moontlik in hierdie formulering deur Thales van Milete beïnvloed is. Hierdie afleiding vind egter nie werklik ondersteuning in die teks nie, aangesien Petrus nie, soos Thales, leer dat water die oerelement is waaruit alles gemaak is nie (Bigg, 1969:293). Petrus handel trouens in 3:5 glad nie oor die elemente waaruit die aarde saamgestel is nie.

Dit blyk dat Petrus in 3:5 aansluit by die besonderhede wat in Genesis 1 oor die skepping gegee word. Volgens Genesis 1:2 was daar aan die begin 'n "wêreldvloed" en "die Gees van God het gesweef op die waters". Uit hierdie watervloed het die skepping te voorskyn gekom (Gn. 1:9) en Petrus verwys daarna wanneer hy sê dat die aarde uit die water ($\epsilon\acute{\xi}\ \upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma$) ontstaan het.

Die skrywer sê egter ook dat die aarde $\delta\iota'\ \upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma$ ontstaan het. Bigg (1969:293) aanvaar dat Petrus daarmee water as die middel waarmee die aarde onderhou is, aanwys. Volgens Bauckham (1983:297) en Kelly (1969:359) moet aanvaar word dat $\upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma$ deur die skrywer as die instrument gesien word waarmee die aarde geskep is. Dit wil egter eerder voorkom of Petrus met $\delta\iota'\ \upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma$ die gedagte wat in Genesis 1:6 met die woorde: $\acute{\alpha}\nu\alpha\ \mu\acute{\epsilon}\sigma\omicron\nu\ \upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma\ \kappa\alpha\iota\ \upsilon\delta\alpha\tau\omicron\varsigma$ (vergelyk die Septuaginta) tot uitdrukking gebring word, weergee. Petrus gebruik die

voorsetsel διό om plek aan te dui¹ en wil aan die lesers duidelik maak dat die aarde "haar eigen plaats heeft gevonden tenmidden van de enorme watermassa's die haar vanaf het eerste begin omringen en omspoelen" (Van Houweling, 1993:82).

Dit word duidelik dat Petrus die afhanklikheid en kwesbaarheid van die aarde verder beklemtoon deur te stel dat die aarde uit water en in die middel van water tot stand gekom het. Die Woord van God het die aarde *uit die water gelig* en *hou dit tussen die water in stand*. Sonder die Woord van God kan die water, waaruit die aarde gelig is en waarin dit bestaan, dit weer verswelg.

Nadat Petrus in 3:5 die afhanklikheid en kwesbaarheid van die geskape wêreld beklemtoon het, maak hy in 3:6 duidelik dat die moontlikheid van verswelging, nie slegs 'n moontlikheid gebly het nie. Dit is duidelik dat hy in 3:6, soos in 2:5, na die sondvloed verwys. Hy sê die wêreld is deur die water en die Woord² vernietig nadat dit oorstrom is. God se Woord het dus die wêreld uit en tussen die water tot stand gebring en dieselfde Woord het dit met dieselfde water waaruit en waarin dit totstand gebring is, oorstrom en vernietig.

Dit word dus algaande duidelik wat Petrus met sy verwysing na die skepping en die sondvloed beoog. Petrus wil duidelik maak dat iemand wat, soos die spotters, aanvaar dat alles sedert die skepping dieselfde bly, sekere inligting oor die aarde negeer. Hy spits hom dus in 3:5 uitdruklik toe op die laaste deel van die spotters se spot, soos dit in 3:4b verwoord is, en maak dit duidelik dat iemand wat dink dat alles van die begin van die skepping af dieselfde bly, nie daarmee rekening hou dat die aarde nie onafhanklik bestaan nie. So iemand vergeet dat die aarde afhanklik en kwesbaar is en hoe die woord van God, wat die aarde uit en tussen water tot stand gebring het, dit met die sondvloed weer deur water vernietig het.

Hoewel die klem in 3:5-6 op die skepping van die aarde en die vernietiging daarvan deur die sondvloed val, vermeld Petrus ook die hemele in dié verse. Hy noem dat daar van lankal af hemele was (οὐρανοὶ ἦσαν ἑκαταί). Deur die vermelding van die hemele, maak Petrus duidelik dat die sondvloed nie net die aarde geraak het nie; ook die hemele het groot veranderinge ondergaan (Bauckham, 1983:299; Greijdanus, 1929:336). Die spotters wat beweer dat alles van die skepping af dieselfde gebly het, sien dus oor die hoof dat, toe God die aarde met die sondvloed geoordeel het, selfs die hemele nie dieselfde gebly het nie.

¹ Mayor (1965:151) toon aan dat hierdie gebruik van διό nie heeltemal uitsonderlik is nie.

² Bauckham (1983:298) toon oortuigend aan dat δι' ὧν in 3:6 verwys na die water en die Woord wat in 3:5 vermeld is.

Die inligting wat die spotters nie uit hulle geheue oproep nie en waarvan hulle gevolglik die betekenis oor die hoof sien, blyk inligting aangaande die skepping te wees. Die inligting aangaande die skepping, wat hulle vergeet, het betrekking op die volgende sake:

- * Die afhanklikheid van die skepping van God se Woord.
- * Die kwesbaarheid van die aarde wat deur die Woord uit die water gelig is en dit tussen die water in stand gehou het en wat deur die water verswelg kon word.
- * Die vernietiging van die aarde deur die woord van God met dieselfde water waaruit en waarin dit tot stand gekom het.
- * Self die hemele is deur die verwoesting van die aarde geraak.

Wanneer Petrus handel oor hierdie inligting wat deur die spotters vergeet is, toon hy daarmee vir die lesers aan dat die standpunt van die spotters dat alles dieselfde bly (3:4), nie waar is nie.

2.2.4.4 Λαμβάνει en die aarde ná die sondvloed

Die spotters vergeet nie net die feite aangaande die skepping van voor en tydens die sondvloed nie, maar ook feite aangaande die skepping ná die sondvloed³. Die spotters vergeet volgens 3:7 dat die hemele en aarde van ná die sondvloed as skat weggelê is vir vuur (τεθησαυρισμένοι εἰσὶν πυρί). Die gebruik van die woord τεθησαυρισμένοι vir die betekenis *om dit wat kosbaar is, veilig te bewaar* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:621), lyk in die konteks waarin dit gebruik word, na 'n teenstrydigheid. Die vraag ontstaan hoe iets wat kosbaar is, vir die vuur, wat klaarblyklik op God se oordeel dui, bewaar kan word. Die feit dat Petrus in hoofstuk 2 beklemtoon het dat die Here onthou om te oordeel (vergelyk 2:9 en hoofstuk 8 punt 1.2.2.4), werp lig op die gebruik van die woord τεθησαυρισμένοι in 3:9. Deur die gebruik van die woord τεθησαυρισμένοι beklemtoon Petrus ook die gedagte dat die Here getrou is om die oordeel uit te voer. Die huidige hemele en aarde word nie as 'n kosbare artikel bewaar omdat dit die Here se guns geniet nie, maar omdat die Here onthou om dit te straf.

Hierdie oordeel sal, volgens 3:6, deur "dieselfde woord" (τῷ αὐτῷ λόγῳ) plaasvind. In die vorige verse is beklemtoon watter plek die woord ingeneem het ten opsigte van die skepping en die sondvloed. Die aarde is deur die woord tot stand gebring en is ook deur die woord met water oorstroom en vernietig. Deur duidelik te maak dat hy na "dieselfde" (αὐτῷ) woord verwys, wil Petrus beklemtoon dat, soos die oordeel deur die woord oor die wêreld van voor die sondvloed gekom het, die oordeel ook oor die wêreld van na die sondvloed sal kom. Die

³ Dit is duidelik dat οἱ δὲ νῦν οὐρανοὶ καὶ ἡ γῆ na die hemele en aarde ná die sondvloed verwys.

oordeel wat destyds deur die woord uitgevoer is, sal weer deur dieselfde woord oor die huidige wêreld uitgevoer word.

Die middel waarmee die oordeel oor die huidige aarde uitgevoer sal word, verskil egter volgens 3:7 van die middel waarmee die oordeel oor die vorige wêreld uitgevoer is. Waar die vorige wêreld deur water vergaan het, word hierdie wêreld vir die vuur (πυρί) bewaar.

Anders as wat Fornberg (1977:66) beweer, sluit Petrus nie in 3:7 by buite-Bybelse gedagtes van sy tyd aan wanneer hy sê dat die aarde deur vuur sal vergaan nie. Petrus het immers reeds in hoofstuk 2 'n voorbeeld gebruik waar God volgens die Ou Testament met vuur geoordeel het (vergelyk 2:7 en hoofstuk 8 punt 1.2.2.4.2.3 van hierdie studie). In die lig hiervan en van sy oproep in 3:1 dat die lesers moet let op die woorde van die profete, blyk dit dat Petrus, wanneer hy daarop wys dat die aarde vir die vuur bewaar word, duidelik aansluit by Ou-Testamentiese profesieë waarin oor die oordeel met vuur gespreek word (vergelyk Dt. 32:22, Jes. 34:4, Mal. 4:1). Deur by die Ou Testamentiese profesieë aan te sluit, beklemtoon Petrus dat die spotters nie maar algemene inligting oor die toekoms van die hemele en die aarde vergeet nie. Hulle vergeet feite oor die toekoms van die skepping soos dit uit die profesieë blyk.

Dit is uit die frase *τηρούμενοι εἰς ἡμέραν κρίσεως καὶ ἀπολείας τῶν ἀσεβῶν ἀνθρώπων* duidelik dat "the author's concern in this section is not with cosmology, for its own sake, but with judgement" (Bauckham, 1983:301). Die goddelose mense wat hierdie aarde bewoon, sal ook hulle oordeel ontvang wanneer die hemele en die aarde aan die vuur oorgegee word.

Dit blyk uit die voorafgaande dat die inligting aangaande die skepping, wat die spotters nie uit hulle geheue oproep nie, nie net op die skepping voor en tydens die sondvloed betrekking het nie, maar ook op die skepping ná die sondvloed. Die spotters vergeet die volgende inligting aangaande die skepping ná die sondvloed:

- * Die aarde word deur die Here veilig bewaar om dit te oordeel.
- * Hierdie oordeel sal deur dieselfde woord uitgevoer word wat die aarde tot stand gebring het en dit alreeds een maal geoordeel het.
- * Die middel waarmee die huidige skepping geoordeel sal word, verskil van die middel waarmee dit destyds met die sondvloed geoordeel is. Die toekomstige oordeel sal met vuur uitgevoer word.
- * Hierdie oordeel oor die skepping sal geskied in ooreenstemming met die profesieë van die Ou Testament.
- * Die goddelose mense wat hierdie aarde bewoon, sal saam met die skepping hulle oordeel ontvang.

2.2.4.5 *Λαθρανέτω* en die verwysing na Psalm 90:4

Soos reeds in hoofstuk 2 punt 5.2 aangetoon, verwys die skrywer in 3:8 na Psalm 90:4 (Septuaginta 89:4). Volgens Strobel (1961:93-94) gebruik die skrywer hierdie Psalm om aan te toon dat die "dag" wat in 3:7 vermeld word, in menslike terme, duisend jaar lank is. Volgens hom staaf die wyse waarop die Psalm in die Joodse en vroeë Christendom gebruik is die teorie dat die Psalm as 'n eksegetiese sleutel gebruik is.

Daar is egter reeds aangetoon dat Petrus vanaf 3:5 begin reageer het op die stellings van die spotters (vergelyk hoofstuk 3 punt 6.2). In punt 2.2.4.3 is aangetoon dat die skrywer in 3:5-7 op die stelling dat alles dieselfde bly (3:4) reageer en 'n antwoord daarop bied. Die spotvraag 'waar is die belofte van sy koms?' het hy egter nog nie beantwoord nie. Daar sou dus verwag kon word dat Petrus, nadat hy in 3:5-7 gereageer het op die stelling dat alles dieselfde bly, die vraag van die spotters aan die orde sou stel. Indien Petrus met die verwysing na Psalm 90 oor die tydperk van die dag (wat in 3:7 vermeld word) handel, sou dit nie by Petrus se redevoering inpas nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat Petrus in 3:5 die lesers daarop gewys het dat die spotters sekere inligting nie uit die geheue oproep nie (λανθάνει) en dat hy in 3:8 die lesers waarsku om sekere inligting nie te vergeet nie (μὴ λανθανέτω). Dit gee 'n aanduiding dat hy ook die vraag van die spotters wil beantwoord deur na inligting te verwys wat nie vergete moet bly nie.

Bauckham (1983:309) en Paulsen (1992:162) toon aan dat Psalm 90:4 in Joodse literatuur nie net gebruik is as eksegetiese sleutel nie, maar ook om die kontras tussen die kortstondigheid van die mens se lewe en God se ewigheid te beklemtoon. Hieruit blyk dat die verwysing na Psalm 90:4 as 'n antwoord dien vir die spot soos dit verwoord word in die vraag 'waar bly die belofte van die koms?' (3:4).

Op die vraag 'waar bly die belofte van sy koms?', antwoord die skrywer deur sy verwysing na Ps.90:4 dat die mens God nie aan menslike tydskedules kan bind nie. Hy maak dit duidelik dat "Gods use of time is extensive, so that He may use a thousand years to do what we might feel should be done in a day, as well as intensive, doing in a day what we feel could only be done in a thousand years". (Hiebert, 1989:153).

In antwoord op die vraag van die spotters 'waar bly die belofte van sy koms?', antwoord die skrywer deur die lesers op te roep om inligting aangaande God se tydskedule en die mens se tydskedule uit die geheue op te roep (vergelyk punt 2.2.3 vir die betekenis waarvoor die woord λανθανέτω gebruik word), soos dit uit Psalm 90 blyk. God kan nie aan die mens se tydskedule gebind word nie.

3. Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (3:9-13)

Die plek wat die kenmotief in gedagte-eenheid 3 inneem, word bepaal deur die voorkoms van woorde wat die kenmotief in die gedagte-eenheid dra, te ondersoek en dan te bepaal in watter mate die woorde die kenmotief in gedagte-eenheid 3 na vore bring.

3.1 Woorde wat die kenmotief dra in gedagte-eenheid 3

Dit is uit hoofstuk 3 punt 7.6.3 duidelik dat die volgende woorde wat moontlik die kenmotief dra, in gedagte-eenheid 3 voorkom:

- * Ἡγοῦνται (3:9).
- * Βουλόμενος (3:9).
- * Ἀπολέσθαι 3:9).
- * Χωρῆσαι (3:9).
- * Εὐρεθήσεται (3:10).
- * Προσδοκῶντας (3:12).
- * Καινούς/καινήν (3:13).
- * Προσδοκῶμεν (3:13).

3.1.1 Ἡγοῦνται

Dit blyk uit hoofstuk 8 punt 2.1.3 dat ἡγέομαι in die volgende semantiese velde aangewend word:

- * 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31)
- * Lei, Dissiplineer, Volg (36)
- * Beheer, Regeer (37)

Slegs semantiese veld 31 hou met die kenmotief verband (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Petrus is in 3:9-13 besig om die spotters se standpunt of opinie dat die Here nie sal oordeel nie, te bestry (vergelyk hoofstuk 3 punt 6.2). In die lig hiervan is dit waarskynlik dat Petrus met die woord ἡγοῦνται na die standpunt of opinie van sommiges wat ter sprake is, verwys. Daar kan daarom aanvaar word dat hy die woord in semantiese veld 31 gebruik en dat die woord die kenmotief na vore bring.

3.1.2 Βουλόμενος

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:47) dat βούλομαι in semantiese velde *Houdings en emosies* (25) en *Dink* (30) gebruik word. Slegs semantiese veld 30 is aan die kenmotief gekoppel (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Petrus handel in 3:9 oor die bekering van mense. Dit is duidelik dat hy nie sê dat God *beplan* dat alle mense gered moet word nie, in welke geval βουλόμενος in semantiese veld 30 sou figureer (vergelyk betekenis 30.56 in Louw en Nida,

1988i:357). Wat hy wil duidelik maak, is wat God se *begeerte* vir alle mense is. Die woord word dus in semantiese veld 25 aangewend (vergelyk betekenis 25.4 in Louw & Nida, 1988i:289).

Βουλόμενος in 3:9 dra dus nie die kenmotief nie.

3.1.3 Ἀπολέσθαι

Louw en Nida (1988ii:30) laat blyk dat ἀπόλλυμι in die volgende semantiese velde funksioneer:

- * Geweld, Skade, Vernietig, Doodmaak (20)
- * Fisiologiese prosesse en state (23)
- * Leer (27)
- * Besit, Oordra, Ruil (57)

Uit hierdie velde is slegs semantiese veld 27 aan die kenmotief gekoppel (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Petrus het reeds in 3:7 die vernietiging (ἀπωλείας) van die goddelose mense beklemtoon. Daar kan daarom aanvaar word dat hy in 3:9 met ἀπολέσθαι verwys na die straf wat mense sal ontvang. Dit blyk dus dat die woord in die semantiese veld *Geweld, Skade, Vernietig, Doodmaak* (20) aangewend word. Dié woord dra dus nie die kenmotief nie.

3.1.4 Χωρῆσαι

Uit Louw en Nida (1988ii:265) is dit duidelik dat χωρέω in die volgende vier semantiese velde aangewend word:

- * Liniêre beweging (15)
- * 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31)
- * Assosiasie (34)
- * Ruimte (80)

Semantiese veld 31 is die enigste van hierdie vier velde wat volgens hoofstuk 1 punt 5 aan die kenmotief gekoppel is. Indien χωρῆσαι in hierdie veld gebruik word, sou dit die kenmotief na vore bring. Greijdanus (1929:342) toon egter oortuigend aan dat Petrus die woord χωρῆται gebruik vir die betekenis "ruimte bieden" (vergelyk ook Hiebert, 1989:156). Volgens 3:9 wil God dus aan alle mense ruimte bied vir bekering. Daaruit is dit duidelik dat die woord in 3:9 in semantiese veld 80 figureer en dat dié woord nie die kenmotief na vore bring nie.

3.1.5 Εὐρεθήσεται

Van den Heever (1993:107-118) beskou die woord εὐρεθήσεται in 3:10 "unintelligible in the text of 2 Peter 3:10". (Vergelyk ook Danker, 1962:82-86 en Von Hellmut, 1961:128-129.) Die samestellers van die UBS-teks is baie onseker oor hulle tekskeuse en gradeer dit met die simbool D. Die samestellers se keuse is gegrond op die feit dat εὐρεθήσεται die moeilikste lesing is en in die oudste manuskripte voorkom (vergelyk Metzger, 1971:705-706). Van Houweling (1988:243) oordeel op transkripsionele gronde dat die lesing κατακαήσεται groter waarskynlikheid besit. Ook op intrinsieke gronde blyk κατακαήσεται verkieslik te wees, aangesien dit aansluiting vind by die gedagtegang van die brief. Petrus het immers in die eerste deel van die vers die gedagte van verbranding ter sprake gebring met die woord καυσούμενα; daarom word die lesing κατακαήσεται as die mees waarskynlike aanvaar. Εὐρεθήσεται word dus nie verder oorweeg as 'n woord wat in gedagte-eenheid 3 die kenmotief na vore bring nie.

3.1.6 Προσδοκῶντας

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:209) dat προσδοκάω in die twee semantiese velde naamlik *Houdings en emosies* (25) en *Dink* (30) aangewend word. Semantiese veld 30 is, soos dit uit hoofstuk 1 punt 5 duidelik is, aan die kenmotief gekoppel. Indien Petrus die woord in semantiese veld 30 sou aanwend, sou dit daarom die kenmotief dra.

Louw en Nida (1988i:313) toon aan dat die betekenis waarvoor προσδοκάω in semantiese veld 25 aangewend word, met besorgde gevoelens verband hou. Volgens dié betekenis word met *besorgdheid* ingewag. Hoewel Petrus in 3:12 handel oor die koms van die dag van God wat met verskriklike verwoesting van die skepping gepaard sal gaan, is dit uit die konteks duidelik dat Petrus nie sy lesers in 3:12 aanmoedig om die dinge met vrees in te wag nie. Hy maak dit immers in 3:13 duidelik dat hy en die lesers 'n nuwe hemel en aarde verwag. Dit blyk dat Petrus προσδοκῶντας in semantiese veld 30 aanwend en die lesers dus aanmoedig om te verwag dat die dinge wat hy in 3:12 vermeld, sal gebeur (vergelyk Louw en Nida, 1988i:357).

Dit blyk dus dat προσδοκῶντας in 3:12 wel die kenmotief dra.

3.1.7 καινούς/καινήν

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:128) duidelik dat καινός in die volgende drie semantiese velde aangewend word:

- * Ken (28).
- * Natuur, Soort, Voorbeeld (58).

*

Tyd (67).

Volgens Louw en Nida (1988i:338) word *καίνος* in semantiese veld 28 gebruik met verwysing na iets wat voorheen onbekend was (28.33). So 'n betekenis is egter in 3:13 glad nie van toepassing nie, aangesien Petrus in 3:12-13 handel oor die hemel en aarde ná die koms van die dag van God. Ook word die aarde ná die koms van die dag van God gekontrasteer met die hemel en aarde soos dit voor die koms van die dag van God was. Petrus lig geregtigheid uit as 'n eienskap van die skepping ná die koms van die dag van God. Wanneer hy daarom *καινούς/καινήν* gebruik om die aarde en hemele te kwalifiseer, is dit duidelik dat hy die woorde in die semantiese veld *Natuur, Soort, Voorbeeld* (58) aandui. Die aarde en hemele is nuut deurdát dit beter is as die vorige hemele en aarde (vergelyk Louw en Nida, 1988i:594).

Dit blyk dus dat die woorde *καινούς* en *καινήν* in 3:13 nie die kenmotief dra nie.

3.1.8 Προσδοκῶμεν

Daar is in punt 3.1.6 aangetoon dat *προσδοκῶντας* in 3:12 die kenmotief dra. Petrus het in 3:12 die lesers aangemoedig om die koms van die dag van God te verwag. Dit is duidelik dat hy verdere besonderhede gee van hierdie verwagting waartoe hy hulle opgeroep het. Hulle verwagting sluit ook in dat daar 'n nuwe hemele en 'n nuwe aarde kom. Dit blyk dus dat *προσδοκῶμεν* in 3:13 in dieselfde semantiese veld as *προσδοκῶντας* in 3:12 gebruik word en dat die woord ook die kenmotief dra.

3.1.9 Slotsom

Die kenmotief word in gedagte-eenheid 3 gedra deur die woorde, *ἡγοῦνται* (3:9), *προσδοκῶντας* (3:12) en *προσδοκῶμεν* (3:13).

3.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 soos dit deur *ἡγοῦνται*, *προσδοκῶντας* en *προσδοκῶμεν* na vore gebring word

Ten einde vas te stel hoe die kenmotief deur die woorde *ἡγοῦνται*, *προσδοκῶντας* en *προσδοκῶμεν* in gedagte-eenheid 3 na vore tree, word die betekenis waarvoor die woorde in gedagte-eenheid 3 aangewend word, gedefinieer. Om hierdie betekenis te definieer, word die metode wat in hoofstuk 1 punt 5 uiteengesit is, gevolg.

Nadat bepaal is watter woorde die kenmotief na vore bring, word die kenmotief ondersoek soos dit deur hierdie woorde in gedagte-eenheid 1 gedra word.

3.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἡγοῦνται in 3:9 gebruik word.

3.2.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἡγοῦνται in 3:9 gebruik word

In punt 3.1.1 is aangetoon dat ἡγοῦνται in 3:10 in die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) funksioneer. Dit is uit hoofstuk 8 punt 2.2.2.5 duidelik dat ἡγέομαι in semantiese veld 31 in slegs een subdomein aangewend word, te wete die subdomein *'n Opinie hê, 'n Perspektief handhaaf* (A) en wel vir die betekenis om 'n perspektief te hê op iets of 'n opinie te huldig in verband met iets (31.1).

Hierdie betekenis is reeds in hoofstuk 8 punt 2.2.3.5 gedefinieer en hierdie definiëring en die betekenis waarvoor ἡγοῦνται in 3:9 aangewend word, kan dus gegee word.

3.2.2.2 Die betekenis waarvoor ἡγοῦνται in 3:9 gebruik word.

Uit hoofstuk 8 punt 2.2.3.5 blyk dit dat die betekenis waarvoor ἡγοῦται in 3:9 gebruik word, te doen het met inligting wat reeds verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Die woord verwys in die algemeen na die feit dat 'n perspektief gehandhaaf word of 'n opinie gehuldig word.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan in Afrikaans weergegee word met die woord *'n standpunt hê* of *'n opinie huldig*.

3.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik word

Dit blyk uit punt 3.1.8 dat προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 vir dieselfde betekenis gebruik word. Die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, word daarom gesamentlik gedefinieer.

3.2.3.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik word

Daar is in punt 3.1.6 en punt 3.1.8 aangetoon dat Petrus προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 in die semantiese veld *Dink* (30) aanwend. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:357) dat προσδοκάω in semantiese veld 30 in subdomein *Om aangaande toekomstige gebeure te dink* (C) gebruik word en wel vir die betekenis *om te verwag dat iets gaan gebeur, hetsy sleg of goed* (30.55).

3.2.3.2 Die semantiese veld waarbinne προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 5 punt 2.4.6.2 is die semantiese veld *Dink* (30) in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Hierdie plasing in die geheelkonteks toon dat προσδοκῶντας en προσδοκῶμεν, wat deur Petrus in hierdie veld gebruik word, verband hou met die beheer en verwerk van inligting.

3.2.3.3 Die subdomein waarbinne προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In hoofstuk 5 punt 2.4.6.3 is aangetoon dat die semantiese veld *Dink* (30) in die volgende subdomeine verdeel kan word:

- * Om te dink, Gedagte (A).
- * Om oor iets te dink, met die bedoeling dat gepas gereageer word (B).
- * Om oor toekomstige gebeure te dink (C).
- * Om van plan te wees, Om 'n doelstelling te hê. Om te beplan (D).
- * Om te besluit, Om tot die gevolgtrekking te kom (E).
- * Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir (F).
- * Om te onderskei, Om te evalueer, Om te oordeel (G).

Wanneer subdomein C, waarin Petrus προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 aanwend, in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine geplaas word, blyk dit dat subdomein C, anders as die ander subdomeine, die klem laat val op die beheer en verwerk van inligting aangaande toekomstige gebeure.

Dit blyk dus dat προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13, wat in subdomein C aangewend word, met die beheer en verwerk van inligting aangaande toekomstige gebeure te doen het.

3.2.3.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik word

In subdomein D, waarin Petrus προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 aanwend, kom drie betekenis (30.53-30.55) voor (Louw & Nida, 1988i:357). Soos in punt 3.2.3.1 aangetoon, word προσδοκῶντας en προσδοκῶμεν vir betekenis 30.55 gebruik. Betekenis 30.55 verwag, soos betekenis 30.53 'n gebeure, maar anders as 30.55 impliseer die betekeniscomponent *verwag dat iets gebeur*, nie dat daar *gewag* word nie. Volgens betekenis

30.55 word verwag dat iets wat goed of sleg is kan gebeur, terwyl die betekeniskomponent *wag* in betekenis 30.54 met voordeel verband hou.

3.2.3.5 Die betekenis waarvoor die woord προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik word

Προσδοκῶντας en προσδοκῶμεν hou verband met die beheer en verwerking van inligting aangaande toekomstige gebeure. Προσδοκῶντας en προσδοκῶμεν beklemtoon die verwagting van 'n gebeure. Die gebeure wat verwag word, kan goed of sleg wees. Die *verwag dat iets gaan gebeur*, impliseer nie noodwendig die wag daarvoor nie.

Die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, kan met *verwag* weergegee word.

3.2.4 Die verband van ἡγοῦται, προσδοκῶντας en προσδοκῶμεν met die res van gedagte-eenheid 3

3.2.4.1 ἡγοῦνται en τινες

Daar bestaan verskil by eksegete oor wie Petrus met τινες in die oog het waneer hy in 3:9 sê ὡς τινες βραδύτητα ἡγοῦνται. Volgens Mayor (1965:156-157) en Schelkle (1988:227) verwys τινες in 3:9 na die spotters. Kelly (1969:362) sê τινες mag moontlik die spotters insluit, maar dit verwys hoofsaaklik na die Christene wat deur die spotters se skeptisisme beïnvloed is.

Uit die vraag wat die spotters volgens 3:4 vra, is dit duidelik dat die spotters met die belofte van die koms *gespot het* en daarteen *geredeneer het*. Hulle het dus nie beweer dat die Here traag is nie. Daar kan daarom aanvaar word dat τινες nie die spotters insluit nie. Die feit dat Petrus hom vanaf 3:8 tot die lesers rig, dui daarop dat hy met τινες spesifiek sommige van die lesers in die oog het.

Die persone wie se opinie of perspektief in 3:9 ter sprake is, is dus sommige van die lesers.

3.2.4.2 ἡγοῦνται en die uitvoering van die Here se belofte

Die standpunt van hierdie groep mense in die lesers se geledere, blyk uit die ontkenning van Petrus in 3:9a dat die Here traag is met die belofte⁴. Daar kan uit 3:9a afgelei word dat

⁴ Greijdanus (1929:341) en Hiebert (1989:155) toon aan dat die genitief τῆς ἐπαγγελίας as genitief saam met βραδύνει geïnterpreteer moet word. Die genitief τῆς ἐπαγγελίας kan in Afrikaans met die frase *aangaande die belofte* weergegee word.

hierdie groep mense, in reaksie op die spotvraag 'waar is die koms van die belofte?' (3:4), tot die oortuiging gekom het dat die Here traag is met die belofte.

Die vraag is wat hierdie mense daarmee bedoel het deur te sê dat die Here traag is met die belofte. Volgens sommige eksegete (vergelyk Bauckham, 1980:5-6; Harnisch, 1973:105-113; Knoch, 1990:281; Strobel, 1961:89-90 en Schlosser 1973:34) is daar 'n duidelike verband tussen 3:9 en Habakuk 2:3b. Strobel wys daarop dat Habakuk 2:3b dikwels in die Jodedom aangehaal is met betrekking tot die probleem van die vervulling van God se beloftes. Hieruit sou daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die groep mense wat gesê het dat God traag is met die belofte, een of ander verduideliking uit Habakuk probeer formuleer het om te motiveer waarom die die belofte nie tot vervulling kom nie.

Die verband tussen 3:9 en Habakuk 2:3 is egter nie so duidelik aantoonbaar soos beweer word nie. Dit val veral op dat die Septuaginta in Habakuk 2:3 die woord $\chi\rho\nu\nu\sigma\eta$ gebruik terwyl Petrus die woord $\beta\rho\alpha\delta\acute{o}\nu\epsilon\iota$ gebruik.

Dit wil eerder voorkom of die groep mense, deur te sê dat God traag is met die belofte, deels die standpunt van die spotters begin aanvaar het. Die spotters was oortuig dat God nie in die skepping inmeng nie (vergelyk punt 1.2.2.3). Die mense na wie in 3:9 verwys word, het nie hierdie standpunt van die spotters ten volle aanvaar nie, maar het tog tot die negatiewe gevolgtrekking gekom dat, hoewel die Here sal optree soos Hy beloof het, Hy stadig is om sy belofte uit te voer (vergelyk Louw & Nida, 1988i:646 vir die betekenis waarvoor $\beta\rho\alpha\delta\acute{o}\nu\epsilon\iota$ in 3:9 gebruik word).

Daar moet daarop gelet word dat Petrus nie ontken dat daar, van die mens se kant besien, alreeds tyd verloop het nie en dat die Here nog nie volgens sy belofte opgetree het nie. Wat Petrus egter ontken, is dat daar tyd verloop het as gevolg van traagheid by die Here om op te tree.

Dit blyk dus dat sommige van die lesers onder die invloed van die spotters, die opinie begin vorm het dat die Here traag is om sy belofte om op te tree uit te voer. Petrus bestry hierdie standpunt deur uitdruklik te ontken dat die Here traag is met betrekking tot die belofte.

3.2.4.3 $\text{Ἡ}\sigma\upsilon\nu\tau\alpha\iota$ en die geduld van die Here

Nadat Petrus in 3:9a aan die lesers uitgewys het dat die opinie wat sommige van hulle gevorm het, verkeerd is (vergelyk punt 3.2.4.2), stel hy in die laaste helfte van die vers vir hulle die regte standpunt aangaande die verloop van tyd voor die belofte van die koms van die Here

uitgevoer word (let op die οὐ... ἄλλα... -konstruksie). Petrus sê die Here is nie traag met die belofte nie, maar is geduldig (μακροθυμεῖ). Die skrywer maak dit dus duidelik dat die vertraging wat die lesers ervaar, met die Here se geduld in verband gebring moet word (Heyns, 1978:392).

Die woord μακροθυμεῖ word in 3:9 aangewend vir die betekenis *om geduld te openbaar ten spyte van probleme* (vergelyk Louw & Nida, 1988ii:307). Petrus wys met hierdie woord daarop dat God Homself weerhou om, te midde van uittarting van die mens, dadelik oor te gaan tot straf (Hiebert, 1989:155).

Dit val op dat Petrus uitdruklik stel dat God "teenoor julle" (εἰς ὑμᾶς) geduldig is. Petrus handel dus in 3:9 spesifiek oor die Here se geduld teenoor die geadresseerdes. Dit is uit die konteks duidelik dat Petrus nie al die geadresseerdes in die oog het nie, maar spesifiek die groep wat reeds in standpunte en leefwyse deur die spotters beïnvloed is. Die Here gaan nie dadelik daartoe oor om die geadresseerdes wat deur die spotters beïnvloed is, te straf nie.

Die rede waarom die Here geduld het met die groep mense, word ook in 3:9 gegee wanneer gesê word dat die Here nie wil hê dat sommige verlore sal gaan nie, maar dat almal tot bekering sal kom.

Daar bestaan verskil by eksegete oor die vraag na wie Petrus met "sommige" (τινας) en "almal" (πάντας) verwys. Bauckham (1983:313) aanvaar dat ἡμᾶς in 3:9 die mense na wie die skrywer in 3:9b verwys, beperk tot diegene wat deur die spotters verlei is (vergelyk ook Rabali, 1992:146-147). Hiebert (1989:156-157) en Moore (1966:154) is weer oortuig dat die skrywer in 3:9b 'n algemene reël stel wat vir alle mense geld en nie net vir "sommiges" en "almal" van 'n sekere groep nie.

Hoewel die keuse tussen hierdie twee moontlikhede baie moeilik is, laat die feit dat Petrus nie in 3:9 na sommige "van julle" en "julle" almal verwys nie, tog dink dat Petrus in 3:9 'n algemene reël stel wat geld vir alle mense, sonder enige beperking. Petrus gee dus vir die lesers die rede waarom die Here met hulle geduld het deur die Here se begeerte (vergelyk punt 3.1.2 waar die betekenis waarvoor die woord βουλόμενος gebruik word, gegee is) vir alle mense aan hulle voor te hou. Soos Calvyn (1976:364) aantoon, leer Petrus nie in hierdie vers 'n heilsuniversalisme nie, aangesien Petrus nie in hierdie vers na God se verborge wil verwys nie, maar na sy geopenbaarde wil.

Wanneer Petrus in 3:9 sê dat dit die Here se wil is dat sommige nie verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering kom, is dit duidelik dat hy "tot bekering kom" (εἰς μετάνοιαν χωρῆσαι) as alternatief stel vir verlore gaan. Die mens kry dus volgens 3:9 die geleentheid om tot 'n verandering in leefwyse te kom as gevolg van 'n totale verandering in gedagte en houding met

betrekking tot sonde en geregtigheid⁵. Petrus se stelling dat God geduldig is en nie wil dat sommige verlore gaan nie, maar dat almal gered word, moet gesien word in samehang met dit wat hy in 2:5 oor die sondvloed stel. (vergelyk Hiebert, 1989:155; Rabali, 1992:147-418 en Strobel, 1961:94-96). Reeds in die eerste brief wat Petrus aan die lesers geskryf het, het hy die Here se optrede voor die sondvloed as voorbeeld van die Here se geduld (μακροθυμία) voorgelê (1 Pt. 3:20). Die Here se geduld voor die sondvloed word in die tweede brief aan die geadresseerdes benadruk wanneer Petrus Noag 'n prediker van geregtigheid noem. Noag het deur sy optrede voor die sondvloed op die mense 'n beroep gedoen om hulle te bekeer (vergelyk hoofstuk 8 punt 1.2.2.5.1 van hierdie studie). Die Here was dus geduldig en het aan hulle die geleentheid tot bekering gegee. Uit hierdie voorbeeld uit die geskiedenis, behoort die lesers die Here se optrede in hulle eie tyd baie goed te verstaan. Soos in Noag se tyd dui die vertraging van die oordeel nie op 'n traagheid by die Here nie, maar op sy geduld. In sy geduld gee Hy aan alle mense die geleentheid om tot bekering te kom.

Petrus wys dus aan die lesers uit watter mening hulle werklik moet huldig oor die feit dat daar 'n tyd verloop voordat die belofte van die Here se koms uitgevoer sal word. Petrus lei die lesers om die verloop van tyd voordat die Here die belofte van sy koms uitvoer, met die Here se geduld in verband te bring. Hierdie geduld het in 3:9 spesifiek betrekking op geduld met die lesers wat deur die spotters beïnvloed is. Die Here is met hierdie mense geduldig, want Hy wil nie dat sommige mense verlore gaan nie, maar het die begeerte dat alle mense tot bekering kom. Die lesers moet, anders as die mense in Noag se tyd, die geleentheid gebruik wat die Here gee.

3.2.4.4 Προσδοκῶντας en die dag van God (3:12)

In 3:12 word "die koms" (τὴν παρουσίαν) as die objek van προσδοκῶντας gestel. Hierdie "koms" word nader gekwalifiseer met die frase τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας. Met die uitsondering van hierdie vers, word 'n persoon altyd in die Skrif as subjek van die woord παρουσίαν gestel (Mayor, 1965:162). Die feit dat Petrus reeds in die brief by die "gewone" gebruik aangesluit het en Christus wel as die Subjek van die woord παρουσίαν gestel het (vergelyk 1:16 en 3:4), maar in 3:12 afwyk van die gewone gebruik, maak dit nog meer opvallend dat Petrus in 3:12 "die dag" as subjek stel. Dit blyk dat Petrus op hierdie wyse doelbewus die koms van Christus wat hy in 1:15 en 3:4 vermeld en die "dag" wat hy in 3:12 beskryf, met mekaar verbind.

Die gebruik van die frase "die dag van God" (τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας) is ook uitsonderlik (in Op. 16:14 word die frase τῆς ἡμέρας τῆς μεγάλης τοῦ θεοῦ τοῦ παντοκράτορος wel gebruik; vergelyk ook Jer. 46:10). Gewoonlik word in die Skrif na die "dag van die Here"

⁵ Vergelyk Louw en Nida (1988i:510) vir die betekenis waarvoor die woord μετάνοιαν in 3:9 gebruik word.

verwys (vergelyk byvoorbeeld Joël 2:11 en Mt. 4:5). Petrus het reeds, soos elders in die Skrif, na "die dag van die Here" verwys (3:10) en dit val daarom dadelik op as hy in 3:12 na "die dag van God" verwys. Die vraag is of Petrus met τοῦ θεοῦ in 3:13 na God die Vader of na Christus verwys. Die feit dat hy reeds in 1:1 Christus uitdruklik God genoem het (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.3 van hierdie studie), gee 'n aanduiding dat hy met τοῦ θεοῦ na Jesus Christus verwys en nie noodwendig na God die Vader nie. Dit blyk dat Petrus inderdaad Christus se goddelike mag wat hy reeds in 1:1 en 1:3 (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.3 en hoofstuk 5 punt 1.2.2.1.1 van hierdie studie) ter sprake gebring het, weer in 3:12 aan die orde stel. Hiebert (1989:164) se opmerking in hierdie verband is ter sake: "Peter apparently felt free to modify the expression to emphasize the divine nature of the One who would return to deal with this world in cataclysmic judgement."

Dit blyk dus dat Petrus, wanneer hy τὴν παρουσίαν as die objek van προσδοκῶντας stel, en dit nader beskryf met τῆς τοῦ θεοῦ ἡμέρας, verskeie sake wat in die brief reeds vermeld is in die uitdrukking saamtrek. Die koms van Christus wat deur die apostels aan die lesers bekend gemaak is (1:16) en deur die spotters bevraagteken is (3:4) en die goddelike mag van Christus (1:1, 3) word alles in hierdie uitdrukking op die voorgrond gestel.

Petrus vermeld nie net die koms van hierdie dag nie, maar beskryf ook in die laaste helfte van 3:12 die gevolge van die koms van hierdie dag. Deur die gebruik van δι' ἣν in 3:12 maak Petrus duidelik dat die gebeure wat hy in die laaste helfte van 3:12 beskryf, nie as gevolg van een of ander natuurlike proses sal plaasvind nie, maar as gevolg van die koms van die dag van God (Groenewald, 1977:145; Kelly, 1969:367-368).

Wanneer Petrus in 3:12 die gevolge van die koms van die dag van God beskryf, is dit duidelik dat hy dieselfde gedagtes herhaal wat hy in 3:10 oor die hemele en die aarde gestel het. Die verwoestende uitwerking wat die koms van die dag van God op die skepping sal hê, word beklemtoon deurdat die skrywer sê die hemele sal in vlamme vergaan (πυρούμενοι λυθήσονται) en die hemelliggame ⁶ sal verbrand (καυσούμενα). Die skrywer voeg naas die gegewens wat hy reeds in 3:10 gestel het, ook nog nuut by dat die hemelliggame sal versmelt (τήκεται). Hy verwys met hierdie woorde na alle waarskynlikheid na Jesaja 34:4 (Bauckham, 1983:325; Watson, 1988:135). Deur hierdie verwysing na die Ou Testament, maak Petrus duidelik dat die vernietiging van die skepping, soos hy dit aan die lesers voorhou, nie 'n nuwe

⁶Bauckham (1983:315-316) toon aan dat στοιχεῖα nie verwys na die elemente waaruit, volgens die denke van destyds, alle fisiese dinge bestaan het nie, en ook nie na engelemagte nie, maar, soos in Jesaja 34:4, na die hemelliggame (vergelyk Thiede, 1986:82-83).

gedagte is wat sy oorsprong by hom vind nie, maar dat dit reeds deur die Ou Testament gestel is. Hy herinner hulle aan die woorde wat voorheen deur die profete gespreek is (3:2)⁷.

Dit wat Petrus aangaande die koms van die dag van God vermeld, staan in duidelike kontras met die bewering van die spotters dat daar geen oordeel sal wees nie (vergelyk punt 1.2.2.3). Dit blyk dat Petrus dit die lesers op die hart druk dat daar by hulle 'n heel ander verwagting is as die verwagting by die spotters. Terwyl die spotters verwag dat alles dieselfde gaan bly, verwag die lesers dat daar 'n drastiese verandering sal kom - 'n verandering wat, soos die profete geprofeteer het, die ganse skepping sal verwoes.

Uit die voorafgaande blyk dit dat Petrus dit die lesers op die hart druk dat hulle die dag van God moet verwag. Petrus maak dit duidelik dat die koms van die dag wat die lesers verwag, die koms van Jesus Christus is wat aan hulle deur die apostels bekend gemaak is, asook die koms waarmee die spotters sal spot. Hy beklemtoon ook dat die dag wat die lesers verwag, die dag is waarop Jesus Christus in sy goddelike mag gaan kom om sy oordeel oor die skepping uit te voer. Die koms van die dag van Jesus Christus in sy goddelike mag - die koms wat die lesers verwag, hou die vernietiging van die skepping in, in ooreenstemming wat deur die profete geprofeteer is. Hierdie verwagting van die lesers staan in skrilte kontras met die stelling van die spotters dat alles dieselfde sal bly.

3.2.4.5 Προσδοκῶντας en die lewenswandel van die lesers

In 3:11 beklemtoon Petrus dat die lesers, terwyl hulle die verwoesting verwag, hulle hul lewenswandel ooreenkomstig met dit wat hulle verwag, moet inrig (Overstreet, 1980:365-366).

Hierdie lewenswandel word deur Petrus met die woorde ὑπάρχειν ἐν ἀγίαις ἀναστροφαῖς καὶ εὐσεβείαις tot uitdrukking gebring. Lombard (1991:506) sê dat dit belangrik is om daarop te let dat die skrywer die meervoude ἀγίαις ἀναστροφαῖς καὶ εὐσεβείαις gebruik. Volgens Hiebert (1989:162) gebruik die skrywer hierdie meervoude om na die verskillende vorme van heilige en godvrugtige lewenswandel te verwys. Knoch (1990:284) sê die meervoude dui aan dat die skrywer aan "konkrete Taten und Vollzüge" dink. Daar kan met sowel Knoch as Hiebert saamgestem word, maar dit is belangrik om hierdie woorde in samehang met hoofstuk 1 van die brief te verstaan. Dit is duidelik dat Petrus die lewenswandel, soos hy dit in 1:5-7 met die deugdelys uitgespel het, in die oog het. Wanneer

⁷ Hierteenoor bemerk Barnard (1856-1857:302-303) in Petrus se woorde "a stream of Iranian influence [which] entered Judaism in the last centuries before the Christian era ...".

iemand die koms van die dag van God verwag, sal so 'n persoon nie met geloof volstaan nie, maar by sy geloof die deugde voeg.

Dit is opmerklik dat Petrus, wanneer hy oor die mense handel wat die valse leraars navolg, ook meervoude gebruik. In 2:2 sê hy dat baie mense hulle "verderflikhede" (ἀσελγείας) sal navolg. In 2:18 sê hy dat mense deur "verderflikhede" verlok word. Iemand wat die koms van die dag van God verwag, se lewe staan dus in kontras met mense wat hulle deur die leraars laat verlei. Terwyl sommige mense hulle deur verderflikhede laat verlok en dit navolg, sal iemand wat die koms van die dag van God verwag, se lewe heilige en godvrugtige dade vertoon.

Petrus sê daar behoort (δεῖ) by die lesers 'n heilige lewenswandel en godsvrug te wees. Saam met ὑπάρχειν gebruik Petrus egter die deelwoord προσδοκῶντας. Dit is waarskynlik dat Petrus met die deelwoord προσδοκῶντας voorwaarde uitdruk. Hierdie interpretasie pas goed in by die redevoering in die gedeelte waarin die deelwoord προσδοκῶντας gebruik word. Die lewenswandel moet volgens 3:11 in ooreenstemming wees met wat gaan gebeur. Die voorwaarde is egter dat die lesers die koms van die dag van God moet verwag.

Petrus wil dit dus duidelik maak dat die toekomstige vernietiging van die skepping, nie *per se* daartoe sal lei dat die lesers se leefwyse in ooreenstemming kom met dit wat in 3:11 gestel word nie. Eers wanneer hulle die koms van die dag van God *verwag*, sal hulle leefwyse verander.

Dit word duidelik dat Petrus in 3:12 enersyds die lesers waarsku teen die invloed van die spotters wat beweer dat daar geen oordeel sal wees nie (vergelyk punt 1.2.2.3 van hierdie studie). Indien die lesers hulle sou begin glo, sal hulle verwagting van die dag van God, met die gepaardgaande vernietiging van die skepping, taan en sal dit veroorsaak dat hulle nie die leefwyse voer soos in 3:11 uitgespel word nie. Dit is egter ook duidelik dat Petrus andersyds die lesers oproep om die verwagting van die koms van die dag van God lewendig te hou, sodat hulle leefwyse in ooreenstemming sal wees met dit wat noodsaaklik is (let op δεῖ in 3:11) in die lig van toekomstige gebeure.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat Petrus die verwagting van die lesers aangaande die koms van die dag van God aan hulle lewenswandel koppel. Nadat hy beklemtoon het dat hulle lewe, in die lig van die toekomstige gebeure met die koms van die dag van God, heilige en godvrugtige dade moet vertoon, maak hy dit duidelik dat dit alleen sal gebeur indien hulle wel die dag van die Here verwag. Hy waarsku enersyds die lesers dat, indien hulle toelaat dat die spotters hulle verwagting laat afneem, hulle lewe nie meer heilige en godvrugtige dade sal vertoon nie. Andersyds moedig hy die lesers aan om die verwagting van die koms van die

dag van God lewendig te hou sodat hulle lewenswyse in ooreenstemming sal wees met dit wat in die lig van die toekomstige gebeurde noodsaaklik is.

3.2.4.6 Προσδοκῶντας en σπεύδοντας in 3:12

Volgens Reicke (1982:182-183) ontvang die lesers deur die woord σπεύδοντας in 3:12 die advies om hulle te *beywer* vir die koms van die dag van God. Die feit dat Petrus reeds in 3:9 die gedagte van die vertraging van die belofte ter sprake gebring het, laat egter blyk dat hy in teenstelling daarmee in 3:12 σπεύδοντας gebruik in die semantiese veld *Aspek* vir die betekenis *om te veroorsaak dat iets gou gebeur* (vergelyk Louw & Nida ,1988i:644). Die lesers moet dus, volgens 3:12, die koms van die dag van die Here verhaas. Greijdanus (1929:345) wys daarop dat dit nie vir die mens moontlik is om die dag van God eerder te laat aanbreek as wat die bedoeling is nie. Terwyl erken moet word dat God nie van die mens afhanklik is in die bepaling van die tyd van die koms van die dag nie, is dit uit die Skrif duidelik dat God wel in sy genade sy kinders se gelowige verlangens in berekening bring by die bepaling van die tyd van die dag van die koms (vergelyk Mk.13:10; Op. 8:4; 1 Pt. 2:12 en Hand. 3:19-21). Daar kan daarom met Green (1977:140) saamgestem word wanneer hy oor 3:12 sê: "...the timing of the advent is to some extent dependent upon the state of the Church and of society".

Die vraag ontstaan of die deelwoord σπεύδοντας in 3:12 ook, soos προσδοκῶντας, verstaan moet word as 'n deelwoord wat voorwaarde uitdruk. Uit die konteks is dit egter duidelik dat σπεύδοντας eerder geïnterpreteer moet word as 'n deelwoord wat gevolg uitdruk. Wanneer die lesers, omdat hulle die koms van die dag van God verwag (vergelyk punt 3.2.4.5), heilig en godvrigtig lewe, is die gevolg daarvan dat hulle die koms van die dag verhaas.

Dit blyk dat Petrus teenoor die standpunt van sommige van die lesers, wat onder invloed van die spotters God van traagheid begin beskuldig het (vergelyk punt 3.2.4.2), die moontlikheid stel dat die lesers eerder medewerkers van God moet wees in die koms van die dag van God. Hulle moet eerder, in die lig van dit wat gaan gebeur en omdat hulle verwag dat dit gaan gebeur, 'n lewe van heilige en godvrugtige dade lei en so die dag van die koms van God verhaas.

3.2.4.7 Προσδοκῶμεν en 'n nuwe hemel en aarde

Die lesers se toekomsverwachting sluit nie slegs 'n verwoesting van die skepping in nie, maar, volgens 3:13, ook die koms van nuwe hemele en 'n nuwe aarde.

Dit val op dat Petrus nie, soos in 3:12 sê "julle" verwag nie, maar "ons" verwag. Die apostel vereenselwig homself met die lesers in die belydenis van die verwagting van nuwe hemele en 'n nuwe aarde (Hiebert, 1989:165).

Die skrywer meld uitdruklik dat hierdie verwagting in ooreenstemming is met die belofte (κατὰ τὸ ἐπάγγελμα). Verskeie skrywers (Greijdanus, 1929:346; Michl, 1968:182; Schlatter, 1964:127) vestig die aandag op die ooreenkomste tussen 3:13 en Jesaja 65:17 en 66:22. Dit blyk dat die belofte waarna Petrus verwys, die belofte is soos dit deur die profeet Jesaja verwoord is. Dit is duidelik dat die skrywer die lesers onder die indruk bring dat die dinge wat hy, in dit wat hy as verwagtinge vir die toekoms stel, besig is om hulle aan die woorde van die profete te herinner.

Die een uitstaande eienskap van hierdie nuwe hemele en nuwe aarde is dat geregtigheid daar woon (ἐν οἷς δικαιοσύνη κατοικεῖ). Daar kan aanvaar word dat Petrus δικαιοσύνη in 3:13 ook, soos in 1:1 (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.2), 2:5 (vergelyk hoofstuk 8 punt 1.2.2.5.1) en 2:21 (vergelyk hoofstuk 8 punt 3.2.5.4) gebruik in die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* vir die betekenis *om te doen wat God verlang* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:744). Op die nuwe hemel en aarde sal die bewoners daarvan dus doen wat God verlang. In 3:13 word beklemtoon dat hierdie gedrag van die bewoners nie maar van korte duur sal wees nie. Wanneer Petrus sê geregtigheid sal op die nuwe hemel en aarde "woon" (κατοικεῖ), dui die woord κατοικέω immers daarop dat die geregtigheid daar sal vestig - sal woning maak (vergelyk Louw & Nida, 1988i:731).

Dit is duidelik dat Petrus die leefwyse van die nuwe hemel en aarde kontrasteer met die leefwyse van die spotters. Die spotters wandel naamlik volgens hulle eie begeerlikhede (3:2) terwyl die bewoners van die nuwe hemele en aarde volgens God se wil sal wandel. Petrus bring dit dus onder die lesers se aandag dat iemand wat die leefwyse van die spotters navolg, nie op die nuwe hemele en aarde sal kan woon nie. Mense wat die spotters navolg, sal vergaan saam met die ou hemel en aarde wat deur vuur verteer word.

Dit blyk uit die voorafgaande dat die skrywer vir die lesers beklemtoon dat hy en die lesers, naas die verwagting van die koms van die dag van God, verwag dat iets anders ook gaan gebeur (vergelyk punt 4.1.1 vir die betekenis waarvoor προσδοκῶντες gebruik word). Saam verwag hulle, in ooreenstemming met die woorde van die profete (3:2), nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarop die bewoners altyd volgens God se wil sal lewe - 'n plek waar iemand met die lewenswandel van die spotters nie sal tuishoort nie.

4. Die kenmotief in gedagte-eenheid 4

Soos by die vorige gedagte-eenhede, word die kenmotief in gedagte-eenheid 4 bestudeer deur te bepaal watter woord/e die kenmotief dra en dan vas te stel tot watter mate en op welke wyse die kenmotief in die gedagte-eenheid deur daardie woord/e gedra word.

Eerstens word aandag gegee aan die kenmotief in gedagte-eenheid 4 deur te bepaal watter woord/e die kenmotief dra.

Nadat bepaal is watter woord/e die kenmotief dra, word in die tweede plek vasgestel hoe die kenmotief in die gedagte-eenheid gemanifesteer word deur die woord/e wat die kenmotief dra.

4.1 Woorde waarin die kenmotief in gedagte-eenheid 4 na vore tree

Dit blyk uit hoofstuk 3 punt 7.6.4 dat die volgende ses woorde in gedagte-eenheid 4 moontlik die kenmotief dra:

- * Προσδοκῶντες (3:14).
- * Ἠγεῖσθε (3:15).
- * Σοφίαν (3:15).
- * Δυσνόητα (3:16).
- * Ἀμαθεῖς (3:16).
- * Ἀστήρικτοι (3:16).

Daar word nou vasgestel of die woorde werklik die kenmotief dra.

4.1.1 Προσδοκῶντες

Petrus het in 3:12 die lesers se verwagting (προσδοκῶντας) dat die dag van God sal kom, ter sprake gebring. In 3:13 het hy vermeld dat hy en die lesers die nuwe hemele en aarde verwag (προσδοκῶμεν). Dit is duidelik dat, wanneer hy in 3:14 sê dat die lesers iets verwag, hy die woord vir dieselfde betekenis aanwend as waarvoor hy προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik het. Daar kan dus aanvaar word dat προσδοκῶντες in 3:14, soos προσδοκῶντας (3:12) en προσδοκῶμεν (3:13) in semantiese veld *Dink* (30) aangewend word en daarom die kenmotief dra (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

4.1.2 Ἠγεῖσθε

Petrus het in 3:9 daarvan gewag gemaak dat sommige van die lesers 'n verkeerde standpunt huldig (ἡγοῦνται) oor die tyd wat verloop voor die belofte van die koms van die Here vervul word. Hy maak in 3:14 en verder 'n gevolgtrekking oor die dinge wat hy vroër vermeld het (vergelyk hoofstuk 3 punt 6.2). Daaruit kan afgelei word dat hy ἡγεῖσθε in 3:14 vir dieselfde

betekenis gebruik as ἡγοῦνται in 3:9. Dit blyk dus dat ἡγεῖσθε in 3:14, soos ἡγοῦνται in 3:9, die kenmotief dra.

4.1.3 Σοφίαν

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:225) dat die woord σοφία in die twee velde *Ken* (28) en *Verstaan* (32) aangewend kan word. Die feit dat σοφίαν in 3:15 met die skryf van die briewe verband hou, en dat hy duidelik maak dat die dinge wat in hierdie briewe geskryf is, moeilik verstaanbaar is, toon dat Petrus die woord nie in semantiese veld 27 aanwend waar die klem op die besit van inligting val nie. Dit blyk dat hy die woord in semantiese veld 32 aanwend - in hierdie semantiese veld word verwys na die proses waardeur inligting gebruik word om tot die regte begrip en evaluering te kom.

4.1.4 Δυσνόητα

Die woord δυσνόητος, so blyk dit uit Louw en Nida (1988ii:68), word net in die semantiese veld *Verstaan* (32) aangewend. Semantiese veld 32 is aan die kenmotief gekoppel (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en daar kan daarom aanvaar word dat die woord δυσνόητα die kenmotief dra.

4.1.5 Ἀμαθεῖς

Louw en Nida (1988ii:11) toon aan dat ἀμαθεῖς in net een semantiese veld aangewend word, te wete die semantiese veld *Leer* (27) en wel vir betekenis 27.24. Dit blyk uit hoofstuk 1 punt 5 dat semantiese veld 27 aan die kenmotief gekoppel is en daar kan dus afgelei word dat ἀμαθεῖς die kenmotief dra.

4.1.6 Ἀστήρικτοι

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:37) dat ἀστήρικτοι slegs in semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) aangewend word. Semantiese veld 31 is aan die kenmotief gekoppel (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en die woord ἀστήρικτοι in 3:16 dra dus die kenmotief.

4.1.7 Slotsom

Uit voorafgaande blyk dit dus dat die volgende woorde die kenmotief dra:

- * Προσδοκῶντες (3:14).
- * Ἐγεῖσθε (3:15).
- * Σοφίαν (3:15).

- * Δυσνόητα (3:16).
- * Ἀμαθείς (3:16).
- * Ἀστήρικτοι (3:16).

4.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 soos dit deur die woorde προσδοκῶντες, ἡγεῖσθε, σοφίαν, δυσνόητα, ἀμαθείς en ἀστήρικτοι na vore gebring word

Om vas te stel hoe die kenmotief in gedagte-eenheid 4 figureer, word eerstens aandag gegee aan die definiëring van die betekenis waarvoor die word gebruik word. Hierdie definiëring word volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is, gedoen. In die tweede plek word die verhouding tussen die woorde wat die kenmotief dra en die res van die gedagte-eenheid bestudeer.

4.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord προσδοκῶντες in 3:14 gebruik word

In punt 4.1.1 is aangetoon dat προσδοκῶντες in 3:14 vir dieselfde betekenis as προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 gebruik word. Volgens die beredenering in punt 3.3.3.5 is dit daarom duidelik dat προσδοκῶντες in 3:14 met die beheer en verwerking van inligting verband hou en die verwagting van toekomstige gebeure beklemtoon. Die gebeure wat verwag word, kan goed of sleg wees en die verwagting dat iets gaan gebeur, impliseer nie noodwendig afwagting van iets wat gaan gebeur nie.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan in Afrikaans met *verwag* weergegee word.

4.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἡγεῖσθε in 3:15 gebruik word

Op grond van punt 4.1.2 is dit duidelik dat Petrus die woord ἡγεῖσθε in 3:15 vir dieselfde betekenis aanwend as waarvoor ἡγοῦνται in 3:9 gebruik het. In punt 3.2.2.2 is hierdie betekenis gedefiniëer. Dit blyk uit punt 3.2.2.2 dat ἡγεῖσθε in 3:15 te doen het met inligting wat reeds verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Die woord dui in die algemeen die feit aan dat 'n perspektief gehandhaaf word, of 'n opinie gehuldig word.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan in Afrikaans weergegee word met *standpunt huldig*.

4.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord σοφίαν in 3:14 gebruik word

4.2.3.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor σοφίαν in 3:15 gebruik word

Uit punt 4.1.3 blyk dit dat σοφίαν in 3:15 in semantiese veld *Verstaan* (32) gebruik word. In hierdie semantiese veld word die woord in subdomein *Vermoë om te verstaan* (D) gebruik. In subdomein D word die woord vir twee betekenis gebruik, te wete betekenis 32.32 en betekenis 32.37 (vergelyk Louw & Nida, 1988i:383-385). Betekenis 32.32 lê klem op die vermoë om te verstaan en, as gevolg daarvan, om wys op te tree. Betekenis 32.37 verwys na die inhoud van wat bekend is by hulle wat as wys gereken word. Dit blyk dat Petrus met σοφίαν na eersgenoemde betekenis verwys, aangesien hy in 3:15 die wyse waarop Petrus geskryf het, te wete *met wysheid*, ter sprake bring.

4.2.3.2 Die semantiese veld waarbinne σοφίαν in 3:15 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 5 is semantiese veld *Verstaan* (32), waarbinne Petrus σοφίαν aanwend, in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Op grond van hierdie plasing is dit duidelik dat σοφίαν dui op die proses waardeur inligting gebruik word om tot die regte begrip en evaluering te kom.

4.2.3.3 Die subdomein waarbinne σοφίαν in 3:15 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In hoofstuk 8 punt 2.2.5.3 is die subdomein *Vermoë om te verstaan* (D) in die geheelkonteks van omliggende subdomeine geplaas. Die plasing van subdomein D in die geheelkonteks van omliggende subdomeine toon dat σοφίαν in 3:15 verwys na die vermoë om inligting te kan begryp en evalueer.

4.2.3.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne σοφίαν in 3:15 gebruik word

Dit is uit Louw en Nida (1988i:383-385) duidelik dat daar binne subdomein *Vermoë om te verstaan* (D) agtien betekenis (32.24-32.41) voorkom.

Betekenis 32.32, waarvoor Petrus σοφίαν in 3:15 gebruik, beklemtoon, soos bykans al die betekenis in die subdomein, die betekeniscomponent *om te verstaan*. Betekenis 32.32 (saam met betekenis 32.28, 32.32 en 32.34 lê egter klem op die *gevolge van die vermoë om te*

verstaan. Betekenis 32.2 verskil egter van 32.28, 32.30 en 32.34 daarin dat dit aandui dat die gevolge van die vermoë om te verstaan, dié van *wyse optrede* is.

4.2.3.5 Die betekenis waarvoor die woord σοφίαν in 3:15 gebruik word

Uit die voorafgaande blyk dit dat σοφίαν in 3:15 met die proses te doen het waardeur inligting gebruik word om tot die regte begrip en evaluering te kom en in besonder na die vermoë om inligting te kan saamstel en evalueer. Σοφίαν in 3:15 verwys na die vermoë om te kan verstaan en gevolglik wys te kan optree.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan in Afrikaans met *wysheid* weergegee word.

4.2.4 Die definiëring van die betekenis waarvoor die woord δυσνόητα in 3:16 gebruik word

4.2.4.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor δυσνόητα in 3:16 gebruik word

Op grond van die beredenering in punt 4.1.4 is dit duidelik dat Petrus δυσνόητα in 3:16 aanwend in semantiese veld *Verstaan* (32). Louw en Nida (1988i:383) toon aan dat δυσνόητος in semantiese veld 32 in die subdomein *Vlug of swaar van begrip* (C) gebruik word. In hierdie subdomein verwys dit na die betekenis *om verstaanbaar te wees, maar slegs met groot moeite* (32.22).

4.2.4.2 Die semantiese veld waarbinne δυσνόητα in 3:16 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 5 punt 2.2.3.2 is semantiese veld *Verstaan* (32) in die geheelkonteks van ander semantiese velde geplaas. Dit is daaruit duidelik dat δυσνόητα in 3:16 na 'n proses verwys waardeur inligting gebruik word om tot die korrekte begrip en evaluering te kom.

4.2.4.3 Die subdomein waarbinne δυσνόητα in 3:16 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Uit Louw en Nida (1988i:381-388) blyk dit dat semantiese veld *Verstaan* (32) in die volgende vyf subdomeine verdeel word:

- * Verstaan (A).
- * Tot begrip kom (B).
- * Gemaklikheid of moeisaamheid om te verstaan (C).

- * Vermoë om te verstaan (D).
- * Gebrek aan vermoë om te verstaan (E).

Wanneer die subdomein *Vlug of swaar van begrip* (C), waarbinne δυσνόητα in 3:16 aangewend word, met omliggende subdomeine gekontrasteer word, blyk dit dat die besondere veld wat deur hierdie subdomein gedek word, verband hou met die maklikheids- of moeilikheidsgraad waarmee inligting gebruik word om tot 'n korrekte begrip of evaluering te kom.

Dit blyk dus dat δυσνόητα in 3:16 te doen het met die feit dat inligting maklik of moeilik korrek begryp of geëvalueer word.

4.2.4.4 Kontrastering van die verskillende betekenisse binne die subdomein waarbinne δυσνόητα in 3:16 gebruik word

Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:382-383) dat daar vier betekenisse (32.19-32.23) figureer binne subdomein *Maklik of swaar van begrip* (C), waarbinne δυσνόητα gebruik word.

Betekenis 32.22, waarvoor δυσνόητα in 3:16 aangewend word, verwys - soos betekenis 32.21 - na iets wat moeilik is om te verstaan. In betekenis 32.22 word egter, ander as betekenis 32.21, gefokus op die aspek van verstaanbaar wees *met groot inspanning*.

4.2.4.5 Die betekenis waarvoor die woord δυσνόητα in 3:16 gebruik word

Dit blyk uit punte 4.2.4.1-4.2.4.4 dat δυσνόητα in 3:16 met die proses te doen het waardeur inligting gebruik word om tot die korrekte begrip of evaluering te kom. Δυσνόητα fokus op die maklikheidsgraad of moeilikheidsgraad waarmee die inligting verwerk word. Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, sluit in dat inligting wel verwerk word, en dat tot die korrekte begrip of evaluering gekom kan word, maar alleen met groot inspanning.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan in Afrikaans weergegee word met *moeilik verstaanbaar*.

4.2.5 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἀμαθεῖς in 3:16 gebruik word

4.2.5.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἀμαθεῖς in 3:16 gebruik word

Volgens punt 4.2.5 is dit duidelik dat ἀμαθεῖς in 3:16 in die semantiese veld *Leer* (27) aangewend word. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:329) dat die woord ἀμαθής in die subdomein *Leer* (A) gebruik word en dat die woord verwys na *iemand wat nie formele opleiding ontvang het nie en daarom eenvoudig en onkundig is* (27:24).

4.2.5.2 Die semantiese veld waarbinne ἀμαθεῖς in 3:16 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Wanneer die semantiese veld *Leer* (27) in die geheelkonteks van die omliggende velde geplaas word, blyk dit dat semantiese veld 27 soos semantiese velde 28-32 met inligting verband hou. Semantiese veld 27 behels egter, anders as die ander veld, die *verkryging van kennis*.

Daaruit kan afgelei word dat ἀμαθεῖς, wat in veld 27 deur Petrus gebruik word, met die verkryging van kennis te doen het.

4.2.5.3 Die subdomein waarbinne ἀμαθεῖς in 3:16 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Louw en Nida (1988i:325-43) toon aan dat die semantiese veld *Leer* (27) in die volgende subdomeine verdeel kan word:

- * Leer (A).
- * Die bepaling van iets se ligging (B).
- * Leer iets negatief oor iemand (C).
- * Poog om te leer (D).
- * Gewillig om te leer (E).
- * Erken (G).

Dit blyk dat subdomein A, waarbinne Petrus ἀμαθεῖς in 3:16 aanwend, die subdomein is wat in semantiese veld die mees algemene betekenis omvat. Terwyl subdomein B verband hou met die ligging van iets; subdomein C met die verkryging van kennis aangaande iemand; subdomein D met 'n poging om te leer en subdomein E met die gewilligheid om te leer, word in subdomein A oor die verkryging van kennis in die algemeen gehandel.

4.2.5.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἀμαθεῖς in 3:16 gebruik word

In subdomein *Leer* (A), waarin ἀμαθεῖς in 3:16 aangewend word, kom daar, soos blyk uit Louw en Nida (1988i:325-329), ses-en-twintig betekenis (27.1-27.26) voor. Soos in punt 4.1.5 aangetoon, word ἀμαθεῖς vir betekenis 27.24 aangewend. Dit blyk dat betekenis 27.24 (saam met 27.20, 27.22-27.23, 27.25-27.26) van die ander betekenis verskil daarin dat dit

na 'n persoon verwys en *die mate waarin die persoon kennis verkry het*, ter sprake bring. In betekenis 27.24 het die mate waarin die persoon kennis verkry het nie betrekking op die intellektuele erfenis van 'n kultuur (vergelyk betekenis 27.20), literatuur (vergelyk betekenis 27.22) of op sistematiese inligting in 'n sekere veld (vergelyk betekenis 27.26) nie. Betekenis 27.24 kom in 'n groot mate ooreen met betekenis 27.23. Albei betekenisse verwys na iemand wat nie formele opleiding gehad het nie. Betekenis 27.23 omvat egter die implikasie dat die persoon wat nie formele opleiding gehad het nie eenvoudig en onkundig is.

4.2.5.5 Die betekenis waarvoor die woord ἀμαθεῖς in 3:16 gebruik word

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat ἀμαθεῖς in die algemeen te doen het met die mate waarin 'n persoon kennis verkry het. In besonder verwys die woord na 'n persoon wat nie formele opleiding ontvang het nie. Die implikasie daarvan dat die persoon nie opleiding ontvang het nie, word in die betekenis waarvoor die woord gebruik word, op die voorgrond gestel, naamlik dat die persoon eenvoudig en onkundig is.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan met *ongeleerd* weergegee word.

4.2.6 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἀσθήρικτοι in 3:16 gebruik word.

4.2.6.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἀσθήρικτοι in 3:16 gebruik word

Dit blyk uit punt 4.1.6 dat ἀσθήρικτοι in 3:16 in die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) gebruik word. Dit is uit Louw en Nida (1988i:376) duidelik dat die woord binne semantiese veld 31 in subdomein *Verander 'n standpunt met betrekking tot die waarheid* (H) aangewend word en na die *tendens* verwys om van *perspektief te verander en te huiwer* (31.79).

Hierdie betekenis is reeds in hoofstuk 8 punt 2.2.6 gedefinieer. Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan dus vervolgens nader omlin word.

4.2.6.2 Die betekenis waarvoor die woord ἀσθήρικτοι in 3:16 gebruik word.

Dit blyk uit hoofstuk 8 punt 2.2.6.5 dat die betekenis waarvoor ἀσθήρικτοι gebruik word, te make het met inligting wat verwerk is en waaroor reeds tot 'n besluit gekom is. Die woord verwys na die verandering van standpunt met betrekking tot die waarheid. Hierdie verandering behels 'n onsekerheid en huiwering in standpunte oor die waarheid waarin nie tot 'n finale besluit gekom kan word nie.

Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan in Afrikaans met *onstabiel* weergegee word.

4.2.7 Die verband van προσδοκῶντες, ἡγεῖσθε, σοφίαν, δυσνόητα, ἀμαθείς en ἄσπῆκτοι met die res van gedagte-eenheid 4

4.2.7.1 Προσδοκῶντες en ταῦτα (3:14)

In 3:14 word ταῦτα as die objek van προσδοκῶντες gestel. Die vraag is egter waarna ταῦτα verwys. Bauckham (1983:326) stel dat ταῦτα verwys na die nuwe aarde en hemel en die geregtigheid wat daarop sal woon (3:13). Die gebruik van die woord προδοκάω in die vorige verse (3:11-13) dui egter in 'n ander rigting. Petrus het die woord προδοκάω gebruik toe hy in 3:12 gestel het dat die lesers die koms van die dag van God verwag en die verwoesting wat dit vir die skepping inhou, aan die lesers uitgespel het (vergelyk punt 3.2.4.4). In 3:13, wanneer Petrus sy en die lesers se verwagting aangaande die nuwe hemele en aarde aan die orde stel, gebruik hy weer die woord προδοκάω. Wanneer hy in 3:13 sê die lesers *verwag* (προσδοκῶντες) hierdie dinge, blyk dit dat hy na alles verwys wat vooraf as objekte van die lesers se verwagting gestel is. Ταῦτα verwys derhalwe na die dag van God en die verwoesting van die skepping wat daarmee gepaard gaan. Ταῦτα verwys ook na die verwagting dat daar nuwe hemele en 'n nuwe aarde sal kom waarin die inwoners altyd volgens God se wil sal lewe (vergelyk punt 3.2.4.7). Daar kan dus gestel word dat ταῦτα na die eskatologiese gebeure verwys, soos Petrus dit in die vorige verse uiteengesit het (vergelyk Greijdanus, 1929:348 en Michl, 1968:188)

4.2.7.2 Προσδοκῶντες en die leefwyse van die lesers

Die deelwoord προσδοκῶντες word saam met die werkwoord σπουδάσατε gebruik. Petrus het reeds in 3:12 duidelik gemaak dat die verwagting van die lesers aangaande die koms van die dag van God en alles wat daarmee gepaard gaan, hulle sal lei tot 'n heilige en godvrugtige leefwyse (vergelyk punt 3.2.4.5). Dit word duidelik dat Petrus ook in 3:14 'n verband lê tussen die verwagting van die lesers en hulle leefwyse wat hy met σπουδάσατε en wat daarop volg, aan die orde stel. Dit is waarskynlik dat hy προσδοκῶντες as 'n deelwoord van bepaling ten opsigte van rede by σπουδάσατε gebruik (vergelyk ook Hiebert, 1989:168). Die rede hoekom die leefwyse sal volg wat in 3:14b aan hulle voorgehou word, is omdat hulle verwag dat die dag van God sal kom (met die gepaardgaande verwoesting van die skepping), maar ook omdat hulle 'n nuwe hemel en aarde verwag waarop die inwoners volgens God se wil sal lewe.

Petrus gee die besonderhede van die leefwyse waartoe die lesers se verwagting hulle sal bring. Hy sê dat die lesers, aangesien hulle die dinge verwag, hulle sal beywer (σπουδάσατε). Met hierdie woord dui Petrus aan dat die verwagting wat die lesers koester, hulle daartoe sal bring om met intense inspanning en motivering te doen (vergelyk Louw en Nida, 1988i:662 vir die betekenis waarvoor σπουδάσατε in 3:14 gebruik word) wat hy in 3:14 aan hulle voorhou.

Volgens 3:14 is hierdie intense inspanning en motivering daarop gerig om sonder vlek en onberispelik (ἄσπιλοι καὶ ἀμώμητοι) bevind te word (εὐρεθῆναι). Petrus het reeds in 2:13 aangetoon dat iemand wat die beskouing van die valse leraars deel en dit uitleef, skandvlekke en smette (σπίλοι καὶ μῶμοι) is (vergelyk hoofstuk 8 punt 2.2.10.3). Petrus maak dus duidelik dat die intense inspanning van die lesers daartoe sal lei dat hulle heeltemal anders as die valse leraars sal wees. Die leraars se beskouing en optrede stempel hulle as skandvlekke en smette. Daarenteen moet die lesers se verwagting en optrede so wees dat hulle sonder vlek en onberispelik lewe.

Petrus se aanmoediging van die lesers om hulle te beywer om heilig en onberispelik bevind te word, hou ook nog verband met iets wat hy in sy eerste brief aan die lesers duidelik gemaak het. In 1 Petrus 1:19 maak Petrus duidelik dat Christus sonder vlek en onberispelik was toe Hy hulle deur sy kosbare bloed gered het. Die verband tussen dit wat Petrus in die eerste brief aan hulle geskryf het en dit waartoe hy hulle in die tweede brief oproep, is baie opsigtelik. Christus was sonder vlek en onberispelik toe Hy hulle met sy kosbare bloed gered het (1 Pt.1:19). Hy is die Een wat terugkom, en daarom moet die lesers met inspanning en motivering hulle daarvoor beywer om ook bevind te word soos die Een wat terugkom - sonder vlek en onberispelik. Dit is duidelik dat αὐτῷ verwys na Jesus Christus, die Een wat terugkom en in wie se oë hulle vlekkeloos en onberispelik bevind moet word.

Volgens 3:15 moet die lesers ook, aangesien hulle die eskatologiese gebeure verwag, hulle beywer om "in vrede" vlekkeloos en onberispelik bevind te word. Petrus verwys daarmee na die "full sense of blessedness of the saved, the harmonious relations Godward and manward that reconciliation has established" (Hiebert, 1989:169). Daar moet dus met die koms van die Here nie bevind word dat die lesers, soos die valse leraars (vergelyk 2:1 en hoofstuk 8 punt 1.2.2.2.1.4 van hierdie studie), beweer het dat hulle deur die Here gekoop is, maar Hom met hulle lewe verloën het nie. Sulke mense ontvang volgens 2:1 nie vrede nie, maar oordeel. Daar moet bevind word dat die lesers se lewenswandel daarvan getuig dat hulle werklik deel was van die mense vir wie Jesus Christus gekoop het. Sulke mense sal deel in die volle vrede wat Hy bewerk het.

Uit bostaande is dit duidelik dat Petrus vir die lesers beklemtoon dat hulle verwagtinge aangaande die eskatologiese gebeure verband hou met hulle leefwyse. Hulle verwag die koms van die dag van God met die gepaardgaande verwoesting van die skepping. Hulle verwag ook

'n nuwe hemel en aarde waarop die inwoners volgens God se wil sal leef. Juis daarom sal die lesers met intense inspanning 'n bepaalde leefwyse najaag. Hierdie verwagting moet ook die rede wees waarom hulle nie soos die leraars sal optree nie. Die leraars se beskouing lei daartoe dat hulle in die uitlewing van hulle beskouing, skandvlekke en smette is (2:13) en die feit dat hulle voorgee dat hulle deur Christus gekoop is (2:1), lei daartoe dat hulle verderf oor hulle bring (2:1). Die verwagting van die lesers moet egter daartoe lei dat hulle onberispelik en vlekkeloos is en dat hulle sal deel in die vrede wat Jesus Christus bewerk het.

4.2.7.3 ἡγεῖσθε en die lankmoedigheid van die Here

Nadat Petrus in 3:14 gehandel het oor die verwagting van die lesers en die leefwyse wat daaruit voortspruit, stel hy weer die saak wat hy in 3:9 ter sprake gebring het, aan die orde. Hy het in 3:9 duidelik gemaak dat daar lesers is wat die feit dat daar 'n tyd sal verloop voordat die Here volgens belofte kom, as traagheid by die Here beskou (vergelyk punt 3.2.4.2). Petrus het die lesers in 3:9 gelei om te beseef dat die Here nie traag is nie, maar geduld beoefen en sodoende geleentheid gee vir bekering (vergelyk punt 3.2.4.3). Dit is duidelik dat Petrus hierdie saak weer aanvoer, wanneer hy tot 'n gevolgtrekking kom oor wat hy voorafgaande gesê het⁸. Hy sê die lesers moet 'n spesifieke perspektief hê (vergelyk punt 4.2.2 vir die betekenis waarvoor ἡγεῖσθε in 3:15 gebruik word) op hierdie lankmoedigheid van die Here wat in 3:9 genoem is. Die lesers moet hierdie lankmoedigheid as saligheid beskou. Hierdie stelling van Petrus bou duidelik voort op dit wat hy in 3:9 gestel het. In 3:9 het Petrus verduidelik dat die lesers die βραδύτητα as μακροθυμεῖν moet beskou. In 3:15 stel hy dat die lesers μακροθυμίαν as σωτηρίαν moet beskou. Petrus veronderstel dus dat die lesers die verduideliking aanvaar dat die vertraging (βραδύτητα) as geduld (μακροθυμεῖν) van die Here beskou moet word. As voortbouing op dit wat aanvaar is, roep hy hulle op om die geduld van die Here as σωτηρίαν te beskou.

Hierdie beskouing waartoe die lesers aangemoedig word, staan in kontras met die beskouing van die spotters. Hulle het gespot met die belofte van die koms en het dus die geduld van die Here nie as σωτηρίαν beskou nie. Vir hulle was dit 'n tyd om volgens hulle eie begeertes te lewe (vergelyk 3:3).

Petrus lei die lesers dus in 3:15 tot 'n spesifieke perspektief op die geduld van die Here. Hulle moet hierdie geduld as 'n geleentheid beskou om die saligheid te verkry. Dit is nie 'n tyd om volgens eie begeertes te leef nie, soos die spotters gedink het nie, maar 'n tyd waarin God wil dat almal tot bekering kom.

⁸ Vergelyk die gedagtestruktuur waarin aangetoon is dat 3:14-16 dien as gevolgtrekking.

4.2.7.4 Ἡγεῖσθε, σοφίαν en die briewe van Paulus

Petrus wys in 3:15 deur die gebruik van καθὼς καί aan die lesers uit dat die aanmoediging wat hy tot hulle rig, ooreenkom met dit wat Paulus in sy briewe skryf. Hy sê dus dat ook Paulus in sy briewe vermeld dat die lankmoedigheid van die Here as saligheid beskou moet word.

Petrus bevestig daarmee vir die lesers dat hierdie aanmoediging van hom nie vir die lesers nuut behoort te wees nie. Paulus het immers reeds daaroor aan hulle geskryf.

Die dinge wat Petrus in 3:15 van Paulus en sy briewe vermeld, toon egter dat Petrus nie bloot wil duidelik maak dat die lesers hierdie perspektief op God se geduld ook in Paulus se briewe sal vind nie.

Petrus noem Paulus in 3:15 "ons geliefde broer" (ὁ ἀγαπητὸς ἡμῶν ἀδελφός). Ἡμῶν ἀδελφός beteken in 3:15 meer as net dat Paulus 'n medegelowige is. Petrus wys Paulus daarmee aan as "ampsbroeder" en mede-apostel (Groenewald, 1977:146; Grundmann, 1974:120). Hierdie standpunt word bevestig deur die feit dat Petrus in die eerste brief wat hy aan die lesers rig, ἀδελφός gebruik om Silvanus as 'n medewerker te tipeer (vergelyk ook 2 Kor. 2:13; Fil. 2:25 en 1 Ts. 3:2 waar dit duidelik is dat ἀδελφός ook elders in die Skrif gebruik word om "medewerkers" aan te dui). Petrus wys met ἀγαπητός op die innige band wat daar tussen die apostels bestaan het (vergelyk Hand. 15:7, 25; 1 Kor.4:17; Ef.6:21 en Kol.4:7 ; vergelyk ook Hiebert, 1989:171)⁹. Dit blyk dat die skrywer die lesers onder die besef bring dat hy in hierdie aanmoediging wat hy tot hulle rig, dit as medearbeider van Paulus doen en dat daar 'n innige band van liefde tussen hom en die apostel is. Die lesers word daardeur onder die besef gebring wat die implikasie sal wees indien hulle nie die regte perspektief op die lankmoedigheid van die Here het nie - die perspektief waartoe Petrus hulle aanmoedig. Hulle verwerp dan ook vir Paulus, Petrus se mede-arbeider.

Die skrywer vermeld ook nog dat Paulus met wysheid geskryf het. Paulus het met die skrywe van sy briewe inligting sodanig gebruik dat hy tot die korrekte begrip en evaluering gekom het (vergelyk die definiëring van die betekenis waarvoor σοφίαν in 3:15 gebruik word in punt 4.2.3.5). Hierdie wysheid, sê Petrus, het Paulus "ontvang" (vergelyk δοθεῖσθαι). Dit blyk dat Petrus hier die goddelike passief gebruik. Sy bedoeling daarmee is duidelik: hy wil benadruk dat Paulus met wysheid geskryf het wat hy van God af ontvang het (Hiebert, 1984iv:333). Paulus se briewe het dus met goddelike wysheid tot stand gekom. Petrus se gedagtegang is soos volg: sy eie aanmoediging tot die lesers om die lankmoedigheid van die

⁹ Sien hoofstuk 2 punt 2.5.1 aangaande die stryd tussen Paulus en Petrus soos uit Gal. 2:11-16 blyk.

Here as saligheid te beskou, kom met Paulus se briewe ooreen. Paulus se briewe het met goddelike wysheid tot stand gekom. Daarom is ook Petrus se aanmoediging tot hulle in ooreenstemming met die eis van God.

Dit moet in ag geneem word dat Petrus beklemtoon dat sy aanmoediging tot die lesers om die lankmoedigheid van die Here as saligheid te beskou, met Paulus se briewe ooreenkom. Hy maak dit dus duidelik dat ook sy aanmoediging tot hulle, in ooreenstemming is met dit wat God vereis.

Petrus maak dit in 3:16 verder duidelik hoe gesaghebbend die briewe van Paulus is. Deur die frase ὡς καὶ τὰς λοιπὰς γραφάς te gebruik, maak hy duidelik dat die briewe van Paulus dieselfde gesag as die Ou Testament¹⁰ het. Petrus erken deur hierdie frase die gesag wat Paulus self in sy briewe vir sy geskrifte opgeëis het (vergelyk byvoorbeeld 1 Ts. 2:13; 2 Ts. 2:15; Ef. 3:3-5). Deur te beklemtoon dat Paulus se briewe dieselfde gesag dra as die Ou Testament, maak Petrus ook meer bekend aangaande die gesag van sy *eie* aanmoediging tot die lesers. Sy aanmoediging kom immers ooreen met dit wat Paulus in sy briewe geskryf het en Paulus se briewe dra dieselfde gesag as die Ou Testament. Petrus het reeds in 1:19-21 duidelik gemaak dat dit wat die apostels aan die lesers aangaande die koms van Jesus Christus bekend gemaak het, in die Ou Testament gegrond is (vergelyk hoofstuk 7 punt 3). Dit is opmerklik dat hy ook ten opsigte van Paulus se briewe die Ou Testament vermeld.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Petrus die lesers onder die indruk bring dat hulle met gesag aangemoedig word om die regte perspektief op die lankmoedigheid van die Here te hê. Die aanmoediging wat hulle ontvang, kom ooreen met dit wat Paulus in sy briewe aan hulle geskryf het. As hulle die aanmoediging sou verwerp, verwerp hulle ook die skrywer se mede-arbeider Paulus. Paulus het sy briewe geskryf met wysheid wat van God af kom. Om aan dit wat hy geskryf het gehoorsaam te wees, kom neer op gehoorsaamheid aan God Self. Paulus se briewe dra dieselfde gesag as die Ou Testament. Dit is duidelik dat Petrus, soos in 1:16-21, die gesag van sy leer in die Goddelike oorsprong daarvan fundeer.

4.2.7.5 Ἐγείσθε ἐν δυσνόητα

Volgens 3:16 kan sommige dinge in Paulus se briewe alleen met groot inspanning verstaan word (vergelyk punt 4.2.4.5 vir die betekenis waarvoor Petrus die woord δυσνόητα gebruik). Hierdie stelling van Petrus sou maklik as kritiek op Paulus se briewe verstaan kon word. Volgens hierdie interpretasie sou gesê kon word dat Paulus nie in staat was om duidelik

¹⁰ Schelkle (1988:236) en Van Houweling (1988:274-6) toon aan dat γραφάς in 3:16 na die boeke van die Ou Testament verwys.

genoeg te skryf nie. Die konteks toon egter dat hierdie interpretasie baie onwaarskynlik is. Petrus sê immers uitdruklik in die vorige vers dat Paulus geskryf het met wysheid wat hy van God ontvang het (vergelyk punt 4.2.7.4). Dit sou baie eienaardig wees indien hy dan direk daarna kritiek op Paulus se skryfwyse uitspreek. Daar kan eerder aanvaar word dat Petrus na die moeilik verstaanbare gedeeltes in Paulus se briewe verwys omdat dit die gedeeltes was wat die valse leraars¹¹ gebruik het om hulle valse leringe te staaf.

Uit 2:19 is dit duidelik dat hierdie mense klem gelê het op die "vryheid" van die Christen en kan aanvaar word dat hulle beweer het dat Christus se verlossing die gelowige vrygestel het van enige etiese beperkinge en dat hulle "volgens hulle eie begeerlikhede" (3:3) mag lewe. Daar kan afgelei word dat hulle die gedeeltes in Paulus se briewe wat alleen met groot inspanning verstaan kon word, gebruik het ter regverdiging van hulle "vryheid". Hierdie interpretasie word ondersteun deur die feit dat dit uit Paulus se briewe duidelik is dat hy homself inderdaad soms moes verdedig teen verdraaiings van dinge wat hy geskryf het (vergelyk Rm. 3:8; 6:15; Gl. 5:13).

Die oorsaak waarom hulle die gedeeltes nie verstaan nie, kom in die gebruik van die woord *δυσνόητα* na vore. Die gedeeltes is wel verstaanbaar, maar dit gaan met groot inspanning gepaard. Daaruit kan afgelei word dat die spotters oppervlakkig omgegaan het met die gedeeltes wat hulle gebruik het. Hulle het dit waarskynlik buite konteks geles.

Wanneer Petrus dus sê dat hierdie mense die betekenis van hierdie gedeeltes verdraai (vergelyk Louw en Nida, 1988i:406 vir die betekenis waarvoor die woord *στρεβλοῦσιν* gebruik word), maak hy dit duidelik dat hulle geen reg het om hierdie gedeeltes ter ondersteuning van hulle oortuigings aan te bied nie. Hierdie gedeeltes kan slegs hulle leringe ondersteun wanneer die betekenis daarvan verdraai word. Die rede hoekom hulle dit verdraai, is omdat hulle dit oppervlakkig gebruik en waarskynlik buite konteks verstaan het.

Petrus kontrasteer die aanmoediging wat hy in 3:15 tot die lesers rig om die Here se lankmoedigheid as verlossing te beskou, met dit wat die valse leraars aan die lesers voorhou. Vir sy aanmoediging aan die lesers vind hy steun in die briewe van Paulus. Daarenteen kan die valse leraars slegs in Paulus se briewe steun vind indien hulle moeilik verstaanbare gedeeltes in Paulus se briewe verdraai.

¹¹ Dit is moontlik dat οἱ ἁμαθεῖς καὶ ἀστήρικτοι na die slagoffers van die valse leraars verwys, aangesien Petrus hierdie slagoffers in 2:14 ἀστηρίκτους noem en hy in 3:16 sê dat dit ἀστήρικτοι is wat sommige dinge in Paulus se briewe verdraai. Die feit dat Petrus egter duidelik maak dat die onstabiele (ἀστήρικτοι) mense wat in 3:16 ter sprake gebring word, die Skrifte verdraai (στρεβλοῦσιν), dui aan dat Petrus nie in 3:16 die slagoffers van die leraars in die oog het nie, maar die leraars self.]

4.2.7.6 Die verband van ἡγεῖσθε met ἀμαθεῖς

Petrus noem in 3:16 dat die mense wat Paulus se briewe verdraai, onkundiges (ἀμαθεῖς) is. Hulle is mense wat nie die nodige opleiding het nie en is daarom eenvoudig en onkundig (vergelyk punt 4.2.5.5 vir die betekenis waarvoor die woord ἀμαθεῖς gebruik word).

Daar kan aanvaar word dat Petrus nie met die woord ἀμαθεῖς na akademiese opleiding verwys nie. Petrus was, as visserman, immers self nie akademies opgelei nie.

Daar moet daarop gelet word dat Petrus in 3:15-16 nie oor die interpretasie van Paulus se briewe in die algemeen handel nie, maar oor die interpretasie van Paulus se briewe aangaande die eskatologiese gebeure en die leefwyse wat daaruit moet voortspruit. Die leraars het aanvaar dat God nie in die wêreldgeskiedenis inmeng nie, dat daar geen oordeel sal wees nie en dat die mense dus volgens eie begeerlikhede kan lewe (3:3). Op grond van hierdie interpretasie kan die leraars as ongeleerd beskou word. Die rede waarom hulle in hierdie interpretasie onopgeleid is, blyk uit 1:16-21. Daar maak Petrus duidelik dat die verkondiging aangaande die eskatologiese gebeure en die leefwyse wat daaruit voortspruit, gesagvol is. Die verkondiging is gesagvol wanneer dit ooreenkom met dit wat tydens die verheerliking deur God geopenbaar is (vergelyk hoofstuk 7 punt 2.3.2.4) en met die Ou Testament - wat ook deur God geopenbaar is (vergelyk hoofstuk 7 punt 3.3.4.6). Die leraars is dus onopgelei in hulle interpretasie van Paulus se briewe omdat hulle dit op so wyse uitlê dat dit in stryd kom met dit wat God tydens die verheerliking geopenbaar het en met dit wat die Ou Testament openbaar.

Petrus het reeds duidelik gemaak dat hy nie ἀμαθεῖς is nie. Dit wat hy verkondig, kom ooreen met sowel dit wat tydens die verheerliking waargeneem is (vergelyk hoofstuk 7 punt 2.3.2.4) as met die Ou Testament (vergelyk hoofstuk 7 punt 3.3.4.2).

Dit is dus duidelik dat Petrus vir die lesers beklemtoon dat hulle hulle nie in hulle beskouing van die lankmoedigheid van die Here moet laat lei deur mense wat bewys dat hulle onkundig is aangaande die eskatologiese dinge en die leefwyse wat daaruit moet voortspruit nie. Hulle moet besef dat sy interpretasie reg is, want dit kom ooreen met dit wat God tydens die verheerliking geopenbaar het en ook met dit wat in die Ou Testament geopenbaar is.

4.2.7.7 Ἠγεῖσθε ἐν ἀσθήρικοι

Petrus noem die leraars in 3:16 ook ἀσθήρικοι. Petrus gee daarmee aan die lesers 'n verdere rede waarom hulle hul nie deur die valse leraars moet laat lei in hulle beskouing van die lankmoedigheid van die Here nie. Hierdie mense is onseker in hulle standpunte met

betrekking tot die waarheid en kan nie tot 'n finale besluit kom nie (vergelyk die betekenis waarvoor die woord ἀσθήρικοι gebruik word in punt 4.2.6.2). Dit is uit die konteks duidelik watter waarheid dit is waarom die valse leraars onseker is. Hulle is onseker met betrekking tot die waarheid oor die eskatologiese gebeure en die mens se leefwyse wat daaruit moet voortspruit.

Petrus het reeds in die brief beklemtoon dat hyself nie 'n vreemde leer aan die lesers verkondig nie, maar dat wat hy aan hulle verkondig het, ooreenkom met die evangelie wat die apostels aan die lesers verkondig het (vergelyk hoofstuk 6 punt 1.2.3.4). Wanneer Petrus in 3:16 die onstandvastigheid van die valse leraars aan die kaak stel, bring hy daarmee implisiet sy eie standvastigheid op die voorgrond. Hy is nie ἀσθήρικος nie en daarom kom sy prediking met Paulus se briewe ooreen, terwyl die valse leraars wat onstandvastig is, gedeeltes in Paulus se briewe verdraai.

Petrus maak dus, deur die leraars ἀσθήρικοι te noem, duidelik dat die lesers nie die leraars moet volg nie. Wie hulle volg, volg mense wat onstabiel is in hulle standpunte met betrekking tot die eskatologiese gebeure en die leefwyse wat daaruit moet voortspruit. Die lesers kan hulle egter deur Petrus laat lei, aangesien hy verkondig wat reeds aan hulle verkondig is.

4.2.7.8 Ἀσθήρικοι en die gevolge van die valse leraars se verdraaiing van gedeeltes van Paulus se briewe en ander geskrifte

Die misbruik van Paulus se briewe deur die valse leraars hou ernstige gevolge vir hulleself in. Dit lei volgens 3:16 tot hulle eie eskatologiese ondergang (ἀπώλειαν). Petrus kontrasteer die toekoms van mense wat die regte perspektief op God se lankmoedigheid het met die toekoms van die mense wat gedeeltes van Paulus se briewe en die Ou Testament verdraai. Mense met die regte perspektief stuur op saligheid af (σωτηρίαν) en die verdraaiers stuur op ondergang af (ἀπώλειαν).

5. Die kenmotief in gedagte-eenheid 5

Ten einde te bepaal watter plek die kenmotief in gedagte-eenheid 5 inneem, word die woord/e wat die kenmotief in die gedagte-eenheid dra, eerstens bestudeer en daarna word die kenmotief in gedagte-eenheid 5 aan die hand van hierdie woorde vasgestel.

5.1 Die voorkoms van woorde waarin die kenmotief na vore tree in gedagte-eenheid 5

Dit is uit hoofstuk 3 punt 7.6.5 duidelik dat die volgende woorde in gedagte-eenheid 5 moontlik die kenmotief dra:

- * Προγινώσκοντες (3:17).
- * Πλάνη (3:17).
- * Συναπαχθέντες (3:17).
- * Γνώσει (3:18).

Daar word nou ondersoek ingestel om te bepaal watter van bogenoemde woorde wel die kenmotief dra.

5.1.1 Προγινώσκοντες

Uit Louw en Nida (1988ii:206) is dit duidelik dat Petrus προγινώσκω in twee semantiese velde aanwend, te wete *Ken* (28) en *Dink* (30). Petrus het in die brief duidelik gemaak dat hy die lesers vooruit waarsku dat daar valse leraars/spotters sal kom (2:1-3; 3:3-4). Wanneer hy dus in die slot van die brief (vergelyk die uiteensetting van die gedagtestruktuur) die woord προγινώσκοντες gebruik, is dit duidelik dat hy na die feit verwys dat die lesers die inligting wat hy aan hulle gegee het, nou vooruit weet. Daar kan dus aanvaar word dat hy die woord in semantiese veld 28 aanwend.

Uit hoofstuk 1 punt 5 is dit duidelik dat semantiese veld 28 aan die kenmotief gekoppel is en daar kan dus aanvaar word dat die woord προγινώσκοντες in 3:17 aan die kenmotief gekoppel is.

5.1.2 Πλάνη

Soos in hoofstuk 8 punt 3.1.1 aangetoon is, kan πλάνη in twee semantiese velde aangewend word, naamlik die velde 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88).

Aangesien Petrus in 3:4 beklemtoon dat die valse leraars/spotters mense sal wees wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel, is dit waarskynlik dat Petrus in 3:17 weer die leefwyse van die valse leraars aan die orde stel. Met dié woord word die leefwyse van die leraars aangedui as 'n ernstige afwyking van dit wat moreel korrek is. Daar kan daarom aanvaar word dat Petrus die woord πλάνη in semantiese veld 88 aanwend¹². Dit blyk uit hoofstuk 1 punt 5 dat

¹² In 2:18 het Petrus die woord πλάνη gebruik in die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88) om die sedelose leefwyse van die valse leraars aan te toon.

semantiese veld 88 nie aan die kenmotief gekoppel is nie en dat *πλάνη* in 3:17 derhalwe nie die kenmotief dra nie.

5.1.3 *Συναπαχθέντες*

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:234) duidelik dat *συναπάγομαι* in die volgende drie semantiese velde aangewend word:

- 1) 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31)
- 2) Assosiasie (34)
- 3) Gedrag en verbandhoudende toestande (41)

In hoofstuk 1 punt 5 is aangetoon dat semantiese veld 31 aan die kenmotief gekoppel is. Indien Petrus dié woord in hierdie veld aanwend, dra die woord die kenmotief.

Die feit dat Petrus *πλάνη* in 3:17 aanwend in die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88), gee 'n aanduiding dat hy *συναπαχθέντες* in semantiese veld 41 gebruik en dus wil duidelik maak dat die lesers moet waak dat hulle nie begin deelneem (vergelyk Louw en Nida, 1988i:506 vir die betekenis waarvoor *συναπάγομαι* in semantiese veld 41 gebruik word) aan die afwykende gedrag van die leraars nie. Die feit dat Petrus reeds in 2:2 beklemtoon het dat mense wat die valse leraars volg, immoreel begin optree (vergelyk hoofstuk 8 punt 1.2.2.2.1.6), gee verdere ondersteuning aan die standpunt dat Petrus *συναπαχθέντες* in semantiese veld 88 aanwend.

Dit is dus waarskynlik dat Petrus *συναπαχθέντες* in semantiese veld 88 aanwend en daar kan daarom aanvaar word dat die woord nie die kenmotief dra nie.

5.1.4 *Γνώσει*

In hoofstuk 5 punt 2.1.2 is aangetoon dat die woord *γνώσις* in die semantiese velde *Ken* (28) en die semantiese veld *Verstaan* (32) aangewend word. Die feit dat Petrus *γνώσει* in 3:17 saam met *χάρτι* gebruik, dui daarop dat Petrus *kennis* in die oog het wat deur Jesus Christus geskenk word. Dit is immers onwaarskynlik dat *Ἰησοῦ Χριστοῦ* die objektiewe genitief by *γνώσει* is en terselfdertyd as die subjektiewe genitief van *χάρτι* gebruik word. Daar is in hoofstuk 5 punt 2.1.2 aangetoon dat Petrus met *γνώσις* in 1:5 en 6 verwys na die evaluering van die valse leraars in ooreenstemming met die leer wat Petrus aan hulle voorhou. Die feit dat Petrus in 3:17 die gevaar wat die valse leraars vir die lesers inhou, ter sprake bring, gee 'n aanduiding dat hy *γνώσει* in 3:17 ook in die semantiese veld *Verstaan* (32) gebruik. Wanneer aanvaar word dat Petrus *γνώσει*, soos in 1:5 en 6, gebruik om te verwys na *die evaluering van die valse leraars*, is die kontrastering met betrekking tot die lesers se verhouding met die leraars baie duidelik. Die lesers moet nie toelaat dat hulle deur die leraars meegesleep word

nie (συναπαχθέντες), hulle moet toeneem (αὐξάνετε) in hulle vermoë om die leraars te beoordeel. Daaruit blyk dus dat Petrus wel γνῶσει in semantiese veld 32 gebruik en vir dieselfde betekenis as waarvoor hy dit in 1:5 en 6 gebruik het.

5.1.5 Slotsom

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die woorde προγινώσκοντες en γνῶσει in gedagte-eenheid 5 die kenmotief dra.

5.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 5 soos dit deur die woorde προγινώσκοντες (3:17) en γνῶσει (3:18) gedra word

Ten einde die kenmotief in gedagte-eenheid 5 te bepaal, word die betekenis waarvoor die woorde wat die kenmotief dra, eerstens gedefinieer. Die woorde word volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is, gedoen. Daar word tweedens aandag gegee aan die verhouding tussen die woorde wat die kenmotief dra, en die res van die gedagte-eenheid.

5.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord προγινώσκοντες in 3:17 gebruik word

5.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor προγινώσκοντες in 3:17 gebruik word

Daar is in punt 5.1.1 aangetoon dat προγινώσκοντες in 3:17 in die semantiese veld *Ken* (28) aangewend word. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:335) dat προγινώσκοντες binne die semantiese veld 28 in die subdomein *Ken* (A) gebruik word vir die betekenis *om van iets kennis te dra voor 'n bepaalde tyd* (28.6)

5.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne προγινώσκοντες in 3:17 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 5.2.1.2 is die semantiese veld 28, waarbinne Petrus προγινώσκοντες in 3:17 aanwend, reeds in die geheelkonteks van omliggende subdomeine geplaas. Dit is uit hierdie plasing duidelik dat προγινώσκοντες in 3:17 veronderstel dat inligting reeds verkry is.

5.2.1.3 Die subdomein waarbinne προγινώσκοντες in 3:17 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In hoofstuk 4 punt 5.2.1.3 is die subdomein waarbinne Petrus προγινώσκοντες in 3:17 gebruik, in die geheelkonteks van omliggende subdomeine geplaas. Hierdie plasing bring

geen inligting na vore wat vir die definiëring van betekenis waarvoor die woord gebruik word, van belang is nie.

5.2.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne προγινώσκοντες in 3:17 gebruik word

Saam met betekenis 28.1-28.5, 28.7, 28.10, en anders as die ander betekenis in subdomein A, verwys betekenis 28.6 na die besit van inligting. Betekenis 28.6 verskil egter van hierdie betekenis deurdat dit daarop fokus dat die inligting voor 'n spesifieke tydstop bekom is. Die betekenis-komponent *om vooraf te weet*, ontvang in dié betekenis klem.

5.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord προγινώσκοντες in 3:17 gebruik word

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat Petrus deur die gebruik van προγινώσκοντες in 3:17 aandui dat inligting reeds verkry is. Verder word beklemtoon dat inligting voor 'n spesifieke tydstop verkry is. Die betekenis-komponent *om vooraf te weet*, ontvang in dié betekenis klem.

5.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord γνώσει in 3:18 gebruik word

Daar is in punt 5.1.4 aangetoon dat Petrus γνώσει in 3:18 vir dieselfde betekenis gebruik as waarvoor hy γνώσις in 1:5, 6 gebruik het.

In hoofstuk 5 punt 2.2.3 is hierdie betekenis reeds gedefinieer. Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan dus nou gegee word.

5.2.2.1 Die betekenis waarvoor γνώσει in 3:18 gebruik word.

Dit blyk uit hoofstuk 5 punt 2.2.3 dat γνώσει in 3:18 verband hou met die proses van *tot begrip kom*. *Om te begryp* is volgens hierdie betekenis die resultaat van die vermoë om te leer en te ervaar.

5.2.3 Die verband van προγινώσκοντες en γνώσει met gedagte-eenheid 5

5.2.3.1 Die objek van προγινώσκοντες

Die objek van προγινώσκοντες word nie uitdruklik in 3:17 vermeld nie. Volgens Hiebert (1989:176), Kahmann (1983:108) en Watson (1988:139) word die gevaar van die valse leraars se koms as objek veronderstel.

Die feit dat Petrus in 2:1-3 en 3:3-4 duidelik gemaak het dat daar in die toekoms valse leraars/spotters sal kom, en dat hy die lesers in 2:10b-22 waarsku teen die leraars (vergelyk hoofstuk 2 punt 2.10) bevestig hierdie standpunt van Hiebert, Kahmann en Watson. Die lesers weet dus vooruit dat die valse leraars/spotters sal kom en hoe hulle sal optree.

Petrus gee egter in 3:5-8 aan die lesers antwoorde op die spot van die spotters. Hy wys hulle daarop dat alles nie dieselfde gaan bly soos die spotters beweer het nie en dat God volgens sy tydskedule die belofte oor die koms van die Here in vervulling sal laat gaan. Daaruit kan afgelei word dat hy, wanneer hy sê die lesers sal vooruit weet, ook die antwoorde wat hy aan die lesers gegee het, in die oog het. Die lesers weet vooruit hoe om die spot van die spotters te beantwoord.

In 3:13 word beklemtoon dat die lesers, saam met die apostels, 'n nuwe hemel en aarde verwag waarop mense sal woon wat volgens God se wil sal lewe (vergelyk punt 3.2.4.7). Daaruit kan afgelei word dat Petrus ook die koms van die nuwe hemel en aarde in gedagte het wanneer hy sê die lesers weet vooruit (προγινώσκοντες). Hulle weet vooruit dat daar 'n nuwe hemel en aarde sal kom waarop mense wat volgens God se wil lewe, sal woon.

Dit blyk dus dat die lesers vooruit weet van die koms en optrede van die valse leraars/spotters. Hulle weet ook vooruit wat die antwoord op die standpunte van die leraars/spotters moet wees en dra vooruit kennis van die nuwe hemel en aarde wat kom en waarop mense wat volgens God se wil lewe, sal woon.

5.2.3.2 Προγινώσκοντες en die waaksaamheid van die lesers

Met die imperatief φυλάσσεσθε beklemtoon Petrus nie net vir die lesers dat hulle moet waak nie, maar dat hulle *noukeurig* moet waak oor hulleself (vergelyk Louw & Nida, 1988i:486).

Dit is duidelik dat προγινώσκοντες in 3:17 'n redegewende funksie inneem. Die skrywer dui met προγινώσκοντες die rede aan waarom die lesers noukeuring oor hulleself moet waak. Omdat die lesers vooruit weet van die gevaar van die valse leraars/spotters en vooruit weet wat die antwoorde is, moet hulle noukeurig oor hulleself waak.

5.2.3.3 Προγινώσκοντες en die standvastigheid van die lesers

Die gevaar wat vir die lesers dreig, blyk uit 3:16. Hulle kan uitval (vergelyk Louw en Nida, 1988i:155-156 vir die betekenis waarvoor die woord ἐκπέσητε gebruik word) uit hulle eie standvastigheid (τοῦ ἰδίου στηριγμοῦ).

Die feit dat Petrus, volgens sy doelstelling, met sy brief die lesers geestelik wakker wil maak (vergelyk 1:13 en hoofstuk 6 punt 2.5.6.2 van hierdie studie), en die feit dat hy ook die ernstige denke by die lesers wil wakker maak (3:1), gee 'n aanduiding dat hy *στηριγμοῦ* in 3:17 gebruik in die semantiese veld *Bekwaam, Geskik* (75) vir die betekenis 'n staat van ferm innerlike krag (Louw & Nida, 1988i:678) en nie in die semantiese veld *Gevaar, Risiko, Red en Verlos* (21) vir die betekenis *plek van veiligheid* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:240) nie. Die gevaar wat vir die lesers dreig, is dat hulle hul innerlike standvastigheid kan verloor en begin twyfel.

Uit 1:12 is dit duidelik waarin die lesers innerlik standvastig moet staan, te wete in die apostoliese leer (vergelyk hoofstuk 6 punt 1.2.3.6).

Wanneer die lesers dus, in die lig van die dinge wat hulle vooruit weet, waaksaam is, sal hulle nie hulle innerlike standvastigheid in die apostoliese leer verloor nie.

5.2.3.4 Προγινώσκοντες en die leefwyse van die lesers

Petrus maak nie alleen duidelik *dat* daar 'n gevaar is dat die lesers hulle innerlike standvastigheid kan verloor nie - hy sê ook *hoe* dit kan gebeur. Dit sal volgens 3:17 gebeur deurdat die lesers begin deelneem (*συναποχθέντες*) aan die gedrag van die valse leraars wat erg afwyk van dit wat moreel korrek is (vergelyk punt 5.1.2 vir die betekenis waarvoor die woord *πλάνη* in 3:17 gebruik word).

Die leefwyse van die lesers word dus in 3:17 deur Petrus op die voorgrond gestel. Die lesers moet besef watter gevaar in die leefwyse van die valse leraars skuil. Wie daaraan deelneem, verloor sy innerlike standvastigheid.

Dit blyk dus dat die lesers wat vooruit die dinge weet wat Petrus aan hulle duidelik gemaak het, ook op hulle leefwyse moet ag gee. Indien hulle soos die valse leraars begin lewe, sou hulle hul innerlike standvastigheid verloor.

5.2.3.5 Προγινώσκοντες en die genade van Jesus Christus

Die lesers wat vooruit weet, moet nie alleen waak (*φυλάσσεσθε*) nie. Petrus sê hulle moet ook toeneem (*αὐξάνετε*) in genade (*χάριτι*).

Daar kan aanvaar word dat τοῦ κυρίου ἡμῶν καὶ σωτῆρος Ἰησοῦ Χριστοῦ as subjektiewe genitief saam met *χάριτι* gebruik word (Green, 1977:150) Die Here Jesus Christus is die Een wat die genade gee. Met die woord *αὐξάνετε* maak Petrus duidelik dat die lesers meer en

meer moet belewe van die genade wat Jesus Christus gee (vergelyk Louw & Nida, 1988i:601 vir die betekenis waarvoor ἀδξάνετε in 3:18 gebruik word).

Dit is opvallend dat Petrus reeds in die aanhef van die brief na die genade (χάρις, 1:2) verwys het (vergelyk die ringkomposisie wat in hoofstuk 3 punt 6.3 aangetoon is). Wanneer hy in 3:18 die woord γνώσει gebruik, ontstaan die vraag of hy daarmee, soos met ἐπιγνώσει in 1:2, γνώσει in 3:18 stel as die bron waaruit en die instrument waarmee genade vermeerder word (vergelyk hoofstuk 4 punt 5.2.2.1 in verband met ἐπιγνώσει in 1:2 as bron en instrument). In punt 5.2.3.6 word egter aangetoon dat γνώσει in 3:18 nie na dieselfde betekenis verwys as ἐπιγνώσει in 1:2 nie¹³. Dit beteken egter nie dat die diepgaande kennis (ἐπίγνωσις) wat in 1:2 ter sprake gebring is, nie in 3:18 figureer nie. Daar kan aanvaar word dat Petrus in 3:18 ἐπίγνωσις implisiet stel as die bron waaruit en die instrument waarmee genade vermeerder word. Hierdie aanname kan gemaak op grond van die feit dat Petrus ἐπίγνωσις in 1:2 én in 3:18 met Jesus in verband bring. In 1:2 word gesê die genade word vermeerder deur die kennis van Jesus en in 3:17 word met die genitief duidelik gemaak dat Jesus die Gewer is van die genade.

Dit blyk dus dat Petrus duidelik maak dat die lesers wat vooruit weet van die koms van die valse leraars/spotters en wat die antwoorde op hulle spot ken, meer en meer die genade van die Here Jesus Christus moet belewe. Dit moet hulle doen met as instrument die kennis van Jesus Christus wat ook die bron is waar die genade van afkomstig is.

5.2.3.6 Προγινώσκοντες en γνώσει

Die lesers moet volgens 3:18 nie slegs toeneem in die genade nie, maar ook in die kennis (γνώσει) van Jesus Christus. In punt 5.2.2 is aangetoon dat Petrus met γνώσει verwys na die begripsvermoë wat hy in 1:5, 6 ter sprake gebring het. Die lesers moet dus toeneem in hulle vermoë om die leraars en hulle leer te evalueer aan die hand van dit wat die apostel aan hulle oordra, (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.2.3.5 vir die betekenis waarvoor γνώσει in 3:17 gebruik word).

Uit die konteks is dit duidelik waarom Petrus die lesers aanmoedig om toe te neem in begripsvermoë. Hy het reeds gestel dat die lesers vooruit weet van die koms van die valse leraars en die antwoorde op hulle spot ken (vergelyk punt 5.2.3.1). Indien hulle toeneem in begripsvermoë, sal hulle meer en meer in staat wees om met dit wat hulle vooruit weet, te voorkom dat hulle hul innerlike standvastigheid verloor.

¹³ Ἐπιγνώσει in 1:2 en γνώσει in 3:18 vorm dus net formeel deel van die ringkomposisie wat in hoofstuk 3 punt 6.3 aangetoon is nie inhoudelik deel van die ringkomposisie nie.

Die feit dat Petrus duidelik maak dat Jesus Christus die Een is wat die begripsvermoë gee, is belangrik. Hoewel begripsvermoë die resultaat is van leer en ervaar (vergelyk punt 5.2.2.1 vir die betekenis waarvoor die woord γνῶσει in 3:17 gebruik word), kan hierdie begripsvermoë alleen verkry word as Jesus Christus dit gee. Petrus het reeds aan die lesers mense voorgehou van wie verwag sou kon word dat hulle begripsvermoë sou hê, maar wat dit nie gehad het nie, te wete die valse leraars. Hulle wat leraars was (2:1), het nie begripsvermoë gehad nie, maar was soos redelose diere (2:12) en het minder insig gehad as Bileam se donkie (vergelyk hoofstuk 8 punt 2.2.10.7). Petrus maak dit dus implisiet vir die lesers duidelik dat hulle alleen in verhouding met Jesus Christus hierdie begripsvermoë kan ontvang.

Petrus moedig die lesers dus volgens 3:18 aan om toe te neem in die vermoë om die valse leraars te beoordeel aan die hand van dit wat hy aan hulle bekend gemaak het. Hierdie vermoë sal hulle alleen verkry in 'n verhouding met Jesus Christus.

6. Die kenmotief in gedagte-eenheid 5

Daar kom nie in gedagte-eenheid 5 enige woorde voor wat die kenmotief dra nie en dit blyk dat Petrus ook nie implisiet die kenmotief in dié eenheid na vore bring nie.

7. Gevolgtrekkings

7.1 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1

- 7.1.1 In gedagte-eenheid 1 dra die woord γινώσκοντες die kenmotief.
- 7.1.2 Γινώσκοντες in gedagte-eenheid 1 word gebruik om in die algemeen die besit van inligting aan te dui.
- 7.1.3 Petrus beklemtoon vir die lesers dat dit 'n prioriteit is dat hulle kennis sal dra van dit wat hy aan hulle bekend maak aangaande die spotters.
- 7.1.4 Die eerste saak aangaande die spotters waarvan die lesers kennis moet dra, is dat die spotters sal kom (ἐλεύσονται) en dat hulle in die laaste dae sal kom. Wanneer die lesers daarvan kennis dra, sal hulle bevestiging kry dat dit wat die profete aangaande God se betrokkenheid by die skepping en aangaande God se oordeel gesê het, die waarheid is. Met die koms van die spotters begin dit wat die profete gesê het, in vervulling gaan.
- 7.1.5 Die lesers moet ook kennis dra van die leefwyse van die spotters. Hulle sal dan besef dat die spotters se leefwyse nie ooreenkom met die leefwyse wat die apostels met gesag aan die lesers voorgehou het nie. Die lesers sal besef dat hierdie mense die apostels en Jesus Christus verwerp.

- 7.1.6 Die lesers moet in die derde plek ook kennis dra van die inhoud van die spotters se spot, aangesien die lesers dan sal besef dat hierdie mense opvolgers is van die Ou-Testamentiese spotters.

7.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (3:5-7)

- 7.2.1 Die kenmotief word in gedagte-eenheid 2 deur die woorde *λανθάνει* (3:5), *θέλοντας* (3:5) en *λανθανέτω* (3:8) gedra.
- 7.2.2 *Λανθάνει* in 3:5 hou verband met die onvermoë om inligting uit die geheue op te roep. Met *λανθάνει* beklemtoon Petrus die gevolge wanneer inligting nie uit die geheue opgeroep word nie: die betekenis daarvan word naamlik uit die oog verloor.
- 7.2.3 *Θέλοντας* in 3:5 hou verband met inligting wat reeds verwerk is en waaroor reeds tot 'n besluit gekom is. Petrus gebruik *θέλοντας* in 3:5 om na 'n spesifieke opinie of standpunt wat gehuldig word, te verwys.
- 7.2.4 *Λανθανέτω* in 3:8 word vir dieselfde betekenis gebruik as waarvoor *λανθάνει* in 3:5 gebruik is (vergelyk punt 7.2.2).
- 7.2.5 Petrus bring in 3:7 weer die spesifieke standpunt wat die valse leraars gehuldig het ter sprake - hulle standpunt aangaande God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis en God se oordeel.
- 7.2.6 Om hulle standpunt te handhaaf, moet die spotters sekere inligting nie uit hulle geheue oproep nie en die betekenis daarvan oor die hoof sien. Deur aan die lesers uit te wys hoe die spotters daarin kan slaag om hierdie sienswyse oor God se betrokkenheid by die wêreldgeskiedenis gestand te doen, lei hy die lesers om nie dieselfde fout te maak en die spotters se opinie te deel nie.
- 7.2.7 Die inligting wat die spotters nie uit hulle geheue oproep nie en waarvan hulle die betekenis oor die hoof sien, is inligting aangaande die skepping. Hulle vergeet dat die skepping afhanklik is van God se Woord. Petrus wys daarop dat die aarde kwesbaar is - die aarde wat deur die Woord uit die water gelig is en tussen die water in stand gehou is en weer deur die water verswelg kon word. Hulle vergeet ook dat die aarde vernietig is deur die Woord van God met dieselfde water waaruit en waarin dit tot stand gekom het en dat selfs die hemele deur die verwoesting van die aarde geraak is.
- 7.2.8 Petrus maak dit deur sy verwysing na die inligting wat die spotters aangaande die skepping voor die sondvloed vergeet, duidelik dat die standpunt wat die spotters huldig dat alles dieselfde bly, verkeerd is.
- 7.2.9 Die spotters vergeet ook inligting aangaande die aarde ná die sondvloed. Hulle vergeet dat die aarde deur die Here veilig bewaar word om dit te oordeel. Ook vergeet hulle dat hierdie oordeel deur dieselfde Woord uitgevoer sal word wat die aarde tot stand gebring het - die Woord wat dit alreeds een maal geoordeel

het. Hulle vergeet dat die middel waarmee die huidige skepping geoordeel sal word, verskil van die middel waarmee dit destyds met die sondvloed geoordeel is. Die komende oordeel sal met vuur uitgevoer word. Hulle vergeet ook dat die komende oordeel oor die skepping volgens die profesieë van die Ou Testament sal geskied en dat die goddelose mense wat hierdie aarde bewoon, saam met die skepping hulle oordeel sal ontvang.

- 7.2.10 Wanneer die lesers met die vraag gekonfronteer word: 'waar bly die belofte van sy koms?' (3:4), moet die lesers inligting aangaande God se tydschedule uit hulle geheue oproep. Hulle moet, soos dit uit Psalm 90 duidelik is, onthou dat God nie aan die mens se tydschedule gebind word nie.

7.3 Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (3:8-10)

- 7.3.1 In gedagte-eenheid 3 word die kenmotief gedra deur die woorde ἡγούνται (3:9), προσδοκῶντας (3:12) en προσδοκῶμεν (3:13).
- 7.3.2 Ἐγούνται in 3:9 het te doen met inligting wat reeds verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Die woord verwys in die algemeen na die feit dat 'n perspektief gehandhaaf word of 'n standpunt gehuldig word.
- 7.3.3 Προσδοκῶντας in 3:12 en προσδοκῶμεν in 3:13 het te doen met die beheer en verwerking van inligting aangaande toekomstige gebeure. Dit wat verwag word, kan goed of sleg wees.
- 7.3.4 Die opinie wat Petrus in 3:9 ter sprake bring is die opinie van sommige van die lesers.
- 7.3.5 Hierdie groep lesers was onder die invloed van die spotters en was van mening dat die Here traag is om sy belofte uit te voer. Petrus bestry hierdie opinie en ontken dat die Here traag is.
- 7.3.5 Petrus wys die lesers watter standpunt die regte standpunt is. Hy maak dit vir die lesers duidelik dat hulle die tyd wat verloop voor die koms van die Here plaasvind, met die geduld van die Here moet verbind. Hy wys hulle daarop dat die Here geduld het met hulle, want hy wil nie dat sommige mense verlore gaan nie, maar dit is sy begeerte dat almal gered word. Die lesers word gelei om te begryp dat hulle, anders as die mense in Noag se tyd, die geleentheid tot bekering moet gebruik.
- 7.3.6 Die lesers word dit op die hart gedruk om die dag van God te verwag. Petrus maak dit duidelik dat die koms van die dag wat die lesers verwag, die koms van Jesus Christus is wat aan hulle deur die apostels bekend gemaak is, asook die koms waarmee die spotters sal spot. Petrus beklemtoon dat die dag wat die lesers verwag, die dag is waarop Jesus Christus in sy goddelike mag gaan kom om sy oordeel oor die skepping uit te voer. Die koms van die dag van Jesus Christus in sy goddelike mag - die dag wat die lesers verwag, hou die

vernietiging van die skepping in, in ooreenstemming met dit wat deur die profete geprofeteer is. Hierdie verwagting van die lesers staan in skrilte kontras met die stelling van die spotters dat alles dieselfde sal bly.

7.3.7 Die verwagting van die lesers aangaande die koms van die dag van God word deur Petrus aan hulle lewenswandel verbind. Hulle lewe sal alleen heilige en godvrugtige dade vertoon, indien hulle die dag van God verwag. Hy waarsku hulle enersyds dat, indien hulle toelaat dat die spotters hulle verwagting laat afneem, hulle lewe nie meer heilige en godvrugtige dade sal vertoon nie. Andersyds moedig hy hulle aan om die verwagting van die koms van die dag van God lewendig te hou sodat hulle lewenswyse sal ooreenkom met dit wat noodsaaklik is in die lig van die toekomstige gebeure.

7.3.8 Teenoor die opinie dat God traag is in die uitvoer van die belofte, stel Petrus 'n ander moontlikheid. Hy wys die lesers op die moontlikheid om 'n medewerker van God te wees met betrekking tot die koms van die dag van God. Die lesers moet, in die lig van dit wat gaan gebeur en omdat hulle verwag dat dit gaan gebeur, 'n lewe van heilige en godvrugtige dade lei en sodoende die dag van die koms van God verhaas.

7.3.9 Naas die verwagting van die koms van die dag van God, stel Petrus ook 'n ander verwagting. Hy en die lesers verwag 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarop die bewoners altyd volgens God se wil sal lewe - 'n plek waar iemand met die lewenswandel van die spotters nie sal tuis hoort nie.

7.4 Die kenmotief in gedagte-eenheid 4

7.4.1 Petrus laat in gedagte-eenheid 4 die kenmotief figureer deur die woorde προσδοκῶντες (3:14), ἡγείσθε (3:15), σοφίαν (3:15), δυσνόητα (3:16), ἁμαθείς (3:16) en ἀστήρικτοι (3:16) te gebruik.

7.4.2 Προσδοκῶντες in 3:14 het te doen met die beheer en verwerking van inligting en beklemtoon die verwagting van toekomstige gebeure. Hierdie gebeure kan goed of sleg wees en die feit dat dit verwag word, impliseer nie noodwendig dat daarvoor gewag word nie.

7.4.3 Ἐγείσθε in 3:9 hou verband met inligting wat reeds verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Die woord verwys in die algemeen na die feit dat 'n perspektief gehandhaaf word of 'n standpunt gehuldig word.

7.4.4 Σοφίαν verwys na die proses waardeur inligting gebruik word om tot die regte begrip of evaluering te kom en verwys na die vermoë om te kan verstaan en gevolglik wys op te tree.

7.4.5 Δυσνόητα in 3:16 het te make met die proses waardeur inligting gebruik word om tot die korrekte begrip of evaluering te kom en fokus op die maklikheidsgraad of moeilikheidsgraad waarmee inligting verwerk word. Die

woord verwys na die feit dat inligting wel verwerk word, maar alleen met groot inspanning.

- 7.4.6 Ἀποθεῖς in 3:16 het in die algemeen te doen met die mate waarin 'n persoon inligting verkry het. Ἀποθεῖς hou verband met die feit dat 'n persoon nie formele opleiding ontvang het nie en dat so iemand gevolglik eenvoudig en onkundig is.
- 7.4.7 Die woord ἀστήρικτοι in 3:16 impliseer inligting wat verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Die woord verwys na 'n verandering van standpunt met betrekking tot die waarheid. Hierdie verandering hou in dat die persoon onseker en huiwerig is in sy standpunte oor die waarheid en nie tot 'n finale besluit gekom kan kom nie.
- 7.4.8 Die dinge wat die lesers volgens 3:14 verwag, is die eskatologiese gebeure soos Petrus dit in 3:11-13 weergee.
- 7.4.9 Petrus maak dit in 3:14 duidelik dat hierdie verwagtinge aangaande die eskatologiese gebeure verband hou met die lesers se leefwyse. Die feit dat hulle die koms van die dag van God verwag (met die gepaardgaande verwoesting van die skepping en die feit dat hulle 'n nuwe hemele en aarde verwag waarop die inwoners volgens God se wil sal leef) is 'n rede waarom die lesers met intense inspanning 'n bepaalde leefwyse sal najaag. Hulle verwagting dien as rede waarom hulle met intense inspanning daarna sal jaag om onberispelik en sonder vlek bevind te word. Hierdie verwagting behoort ook die rede te wees waarom die lesers nie soos die leraars sal optree nie. Die leraars se beskouing lei daartoe dat hulle in die uitlewing van hulle beskouing, hulleself openbaar as skandvlekke en smette (2:13). Die feit dat hulle voorgee dat hulle deur Christus gekoop is (2:1), lei daartoe dat hulle 'n verderf oor hulle bring (2:1). Daarteenoor lei die verwagting van die lesers daartoe dat hulle onberispelik en vlekkeloos is en dat hulle sal deel in die vrede wat Jesus Christus bewerk het.
- 7.4.10 Petrus lei die lesers in 3:15 om 'n spesifieke opinie oor die geduld van die Here te hê. Hulle moet die geduld van die Here as 'n geleentheid beskou waarin die saligheid verkry kan word. Anders as die spotters, moet hulle besef dat dit nie 'n tyd is om volgens eie begeertes te lewe nie, maar wel 'n geleentheid wat God gee vir bekering.
- 7.4.11 Die lesers word in 3:15-16 onder die indruk gebring dat Petrus hulle *met gesag* aanmoedig om tot die regte perspektief op die lankmoedigheid van die Here te kom. Die lesers word onder die besef gebring dat die aanmoediging wat hulle ontvang, met Paulus se briewe ooreenkom. Indien hulle Petrus se aanmoediging verwerp, verwerp hulle ook Paulus wat Petrus se mede-arbeider is. Petrus laat hulle ook besef dat hierdie mede-arbeider van hom sy briewe geskryf het met 'n vermoë om te verstaan wat van God af kom. Om aan Paulus

gehoor te gee, kom neer op gehoorsaamheid aan God self. Hierdie mede-arbeider se briewe dra dieselfde gesag as die Ou Testament.

- 7.4.12 Petrus kontrasteer die aanmoediging wat hy tot die lesers rig om die Here se lankmoedigheid as saligheid te beskou met dit wat die valse leraars aan die lesers voorhou. Petrus vind steun in Paulus se briewe, terwyl die valse leraars hulle alleen op Paulus se briewe kan beroep as hulle die moeilik verstaanbare gedeeltes verdraai.
- 7.4.13 Petrus beklemtoon dit vir die lesers dat hulle hul nie in hulle beskouing van die lankmoedigheid van die Here moet laat lei deur mense wat bewys dat hulle onkundig is aangaande die eskatologiese dinge en die leefwyse wat daaruit moet voortspruit nie. Hulle moet beseef dat die leraars se sienswyse nie met dit wat God tydens die verheerliking geopenbaar het ooreenstem nie en ook nie met die Ou Testament nie. Petrus is egter toegerus om hulle in hulle beskouing te lei. Hy is getrou aan dit wat God tydens die verheerliking geopenbaar het en sy leer is in ooreenstemming met die Ou Testament.
- 7.4.14 Die skrywer beklemtoon vir die lesers dat hulle hul nie deur die valse leraars moet laat lei in hulle beskouings met betrekking tot die eskatologiese gebeure en die leefwyse wat daaruit moet voorspruit nie. Die valse leraars is onstabiel in hulle standpunte met betrekking tot die waarheid. Die lesers moet hulle deur Petrus laat lei, aangesien dit wat hy verkondig dieselfde leer is as wat die apostels reeds aan hulle verkondig het.
- 7.4.15 Petrus kontrasteer die gevolge van die regte perspektief op God se lankmoedigheid met die gevolge van die verkeerde perspektief. Mense met die regte perspektief, stuur op saligheid af. Mense met die verkeerde perspektief stuur op ondergang af.

7.5 Die kenmotief in gedagte-eenheid 5

- 7.5.1 In gedagte-eenheid 5 word die kenmotief deur die woorde προγινώσκοντες en γνώσει gedra.
- 7.5.2 Προγινώσκοντες in 3:17 verwys na die feit dat inligting voor 'n spesifieke tydstip verkry is. Die woord gee uitdrukking aan die betekeniskomponent *om vooraf te weet*.
- 7.5.3 Petrus gebruik γνώσει in 3:18 om na 'n betekenis te verwys wat verband hou met die proses om tot begrip te kom. Dié woord fokus op die betekeniskomponent *om te begryp*. Hierdie begrip is die resultaat van die vermoë om te leer en te ervaar.
- 7.5.4 Die dinge wat die lesers volgens 3:17 vooruit weet, is dat die valse leraars in die toekoms kom en ook wat die antwoorde op hulle leer moet wees.

- 7.5.5 Aangesien die lesers hierdie dinge vooruit weet, moet hulle noukeurig waak oor hulleself.
- 7.5.6 Wanneer die lesers (in die lig van die dinge wat hulle vooruit weet) waaksaam is, sal hulle nie hulle innerlike standvastigheid in die apostoliese leer verloor nie.
- 7.5.7 Die lesers wat vooruit weet van die koms van die leraars en die antwoorde ken op hulle leer, moet noukeurige aandag gee aan hulle leefwyse. Indien hulle die valse leraars se leefwyse sou volg, sou hulle hul innerlike standvastigheid verloor.
- 7.5.8 Die lesers wat vooruit weet dat die leraars kom en die antwoorde op hulle leer ken, moet sorg dra dat hulle die genade van Jesus Christus in toenemende mate beleef. Die kennis van Jesus Christus is die bron van waar die genade afkomstig is en dien ook as die instrument waarmee dit verkry kan word.
- 7.5.9 Petrus roep die lesers op om toe te neem in die vermoë om die valse leraars te beoordeel aan die hand van dit wat hy aan hulle bekend gemaak het. Hy maak dit implisiet aan hulle duidelik dat hulle hierdie vermoë alleen kan verkry wanneer hulle in 'n lewende verhouding met Jesus Christus lewe.